'n ONDERSOEK NA BEPAALDE PERSOONLIKHEIDSVERSKILLE TUSSEN KOSGANGERS EN DAGSKOLIERE AAN HOëR SKOLE IN SUIDWES-AFRIKA.

---

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming
van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM
(Sielkunde)

aan die

Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

deur

J.G.L. v.d. Westhuizen, Honns. B.A.

Otjiwarongo, S.W.A.

Julie 1965.

- - - o o O o o - - -

BEDANKINGS.

Graag wil ek my dankbaarheid betuig teenoor die volgende instansies wat dit moontlik gemaak het dat hierdie navorsingswerk gedoen kon word: Die Direkteur van Onderwys van Suidwes-Afrika vir sy toestemming om Suidwes-leerlinge vir die navorsingswerk te gebruik; professor Strümpfer vir sy bekwame leiding en aanmoediging; die proefnemers en proefpersone asook mej. L.C. Minnaar, Dosente in Afrikaans vir die taalkundige versorging van die verhandeling.

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

HOOFSTUK I.

INLEIDING. .................................................. 1.

A. Probleemstelling. ........................................ 1.

B. Vroeëre Navorsing wat betrekking het op die Huidige Ondersoek. ........................................ 8.

C. Meetinstrumente wat by Ondersoek gebruik is. ............ 13.

(a) Die Egosterkte-skaal .................................. 14.
(b) Die Onvoltooide Sinne-toets. .......................... 17.
(c) Die Veiligheid-Onveiligheid-skaal. .................... 22.
(d) Die skaal vir Bedekte en Openlike vyandigheid. ........ 26.
(e) Die skaal vir Persoonlikheidsrigiditeit. .............. 28.
(f) Die skaal vir Sosiale Ekstraversie-Introversie en Emosionaliteit. ........................................ 30.
(g) Die Dominansie-skaal. ................................. 32.
(h) Die skaal vir Sosio-ekonomiese Status. ................ 35.

HOOFSTUK II.

METODE. ..................................................... 38.

A. Toetspersone. ............................................ 38.

B. Toetsprosedure. .......................................... 39.

HOOFSTUK III.

INTERPRETASIE EN BESPREKING VAN GEGEWENS. .................. 41.

A. Betroubaarheid van Meetinstrumente. ...................... 41.

B. Gemiddeldes en t-waardes. ................................ 44.

C. Korrelasies tussen die Sosio-ekonomiese Status-skaal en die Persoonlikheidstoetse. ................................. 48.

D. Interkorrelasies tussen Persoonlikheidstoetse. ........... 50.

E. Gevolgtrekkings en Bespreking. ........................... 54.

HOOFSTUK IV.

Opsomming. .................................................. 63.

Summary. .................................................... 65.

Literatuurlys. .............................................. 67.

Persoonlikheidsvraelys. ........................... Bylaag A.

Onvoltooide Sinne-toets. .......................... Bylaag B.

## LYS VAN TABELLE.

Bladsy.


Tabel I Betroubaarheid van Toetse ........................ 42.

Tabel II Korrelasies tussen Eerste en Tweede Beoordeling van die Onvoltooide Sinne-toets ...................... 45.

Tabel III Rekenkundige Gemiddeldes, Standaardafwykings, t- en F-waardes ........................................ 47.

Tabel IV Onvoltooide Sinne-toets; Verskille met U-toets tussen groepe ........................................ 49.

Tabel V Korrelasies tussen Sosio-ekonomiese Status en Persoonlikheidstoetse ........................... 51.

Tabel VI Interkorrelasies van Persoonlikheidstoetse ........ 53.

# HOOFSTUK I.

## INLEIDING

### A. Probleemstelling.

In Suidwes-Afrika moet 'n buitengewoon groot persentasie leerlinge van die blanke skoolbevolking vanaf hulle aanvangsonderwys tot hulle die skool verlaat, in skoolkoshuise inwoon. As gevolg van die uitgestrektheid van die gebied en die yle blanke bevolking, kan die Onderwysdepartement, ten spyte van 'n desentralisasie-beleid, nie die skool altyd na die kind toe bring nie. Gevolglik is baie kinders verplig om op ses-en-'n-half jaar die ouerhuis te verlaat om die nuwe wêreld van die skoollewe op eie houtjie en sonder die ondersteuning van die ouers aan te durf. As in aanmerking geneem word dat die koshuisleerling gedurende sy skoolloopbaan van twaalf jaar vir ongeveer 70% van die tyd van sy ouers afwesig is, dan is daar teoreties genoeg geleenthede vir persoonlikheidswanaanpassing. Dit kan wel aangevoer word dat die kosganger per slot van sake in die hande van opvoedkundiges gelaat word wat verantwoordelik is vir die verdere ontwikkeling en ontplooiing van die kind se persoonlikheid. Opvoedkundiges is dit vandag almal eens dat die taak van die onderwys opvoedende onderwys moet wees en nie slegs akademiese afronding nie. Of hierdie onderwysideaal al tot die praktiese onderwys deurgedring het, is egter 'n vraagstuk waaroor daar nog geen helderheid is nie.

Van der Walt (1960) het 'n studie van die koshuise in die vier Provinsies asook dié van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap gemaak en tot die gevolgtrekking gekom dat die gemiddelde koshuis wel koshuisopvoeding handhaaf en dat daar aandag aan persoonlikheids- en aanpassingsprobleme gegee word. Aan die ander kant het hy ook baie koshuise gevind wat slegs as 'n loseerplek vir die kind beskou word. "Die opvoeding wat hy ondergaan, kom nie veel verder as die newe-produkte van die bestendige milieu en gemeenskapslewe nie" (1960, p. 173). Dit geld sekerlik ook vir baie koshuise in Suidwes-Afrika. Volgens hierdie skrywer geskied opvoeding oor die algemeen slegs deur middel van gedragsregulering. Die

skoolreëls is dus gemik op die uiterlike dissipline en slegs enkele onderwysers sien die reëls as ŉ middel tot die opvoeding van die kind. By afwesigheid van behoorlike motivering van reëls, het dit ŉ beklemmende uitwerking op die kosgangers en lei dit soms tot vyandigheid teenoor die skool en koshuis.

In sy bespreking van die Engelse "Public School" wys Van der Walt op die vroeë ontwikkelingsjare van die stelsel waar daar dikwels aanpassingsprobleme by leerlinge ontstaan het. "Waar hy (die nuwe leerling) in die nuwe gemeenskap alleen staan en die liefdevolle, intieme warmte en innige, begrypende bemoediging van die gesin moet ontbeer, val dit te begrype dat die nuweling onveilig voel en dat sy drange na vryheid, erkenning en gelding onder hierdie wildvreemde omstandighede om bevrediging roep en dat hy sy emosionele ewewig daardeur kan kwytraak sodat hy gedryf word tot gedragsuitinge van ongehoorde aard" (1960, p. 103). Volgens die skrywer het die "Public School" baie jare lank met hierdie wanaanpassingsprobleme geworstel, met straf en skorsing as die enigste middele om die probleem mee te bekamp. Eers met die toenemende kennis van opvoedkundige en sielkundige aspekte van die kind se persoonlikheid, het die "Public School" die roemryke instelling geword soos ons dit vandag ken.

Rotter (1954) noem twee algemene kenmerke van ŉ goeie inrigting wat bevorderlik is vir goeie persoonlikheidsaanpassing:

Daar moet eerstens, geleenthede geskep word vir die ontwikkeling van ŉ gedragswyse in die kind wat hom sosiaal aanvaarbaar sal maak en wat geneëntheid, liefde en identifisering met ander sal bevorder. Gedrag kan nie ontwikkel as dit nie onderskraag of versterk word nie. ŉ Kind wat dus in ŉ liefdelose en onverskillige omgewing groot word, sal waarskynlik gekenmerk wees deur ŉ onvermoë om liefde te gee of te ontvang en deur ŉ onverskillige houding teenoor sy medemens. Hy sal dus nie in staat wees om bevredigende intieme verhoudinge met ander

aan te knoop nie. Dit is gevolglik die taak van elke goeie inrigting om alle moontlike geleenthede te gebruik om die kind van sulke ervarings te voorsien, en hom te laat voel dat hulle van hom hou, al is die verhouding tydelik of sporadies. ŉ Tweede vereiste vir ŉ goeie inrigting, aldus Rotter, is om die getal reëls tot die minimum te beperk. Myns insiens is dit nie soseer die getal reëls wat van belang is nie maar wel die opvoedkundige waarde daarvan, dit wil sê wat daarmee beoog word, en veral die gees waarin die reëls toegepas word. Vir gesonde persoonlikhe dsontwikkeling is dit belangrik dat leerlinge die maksimum geleenthede moet kry om self te besluit en self probleme op te los. Sommige koshuise het byvoorbeeld die gesonde gewoonte om die kosgangers saam te roep om sekere probleme in verband met die koshuislewe te bespreek en die oplossing by die leerlinge te soek. Rotter meen egter dat so ŉ stelsel nooit die vaardigheid vervang nie wat die kind by die huis leer om byvoorbeeld te besluit hoe hy sy vryetyd sal bestee, of hy sy maats sal verlaat om byvoorbeeld ŉ mooi boek te lees, of hy sy ouers sal gehoorsaam of nie. In die meeste koshuise word die beslissings oor elke leerling se doen en late in ŉ baie groot mate vooruit deur reëls bepaal.

Die inrigting kan ook nie die kind voorsien van die ervaring om tussen die nuanses van ander se houdings te diskrimineer, wat hy by die huis leer nie. Daar bestaan heelwat wanopvattings oor die konsekwentheid van die ouer se opvoedingsmetode. Hoewel dit nodig is dat ŉ kind ander se gedrag en reaksies mo t kan voorspel sodat hy veilig kan voel, is dit ŉ ongesonde beginsel om hom te leer dat ander mense altyd op dieselfde wyse sal optree. Die inrigting wat die kind dus nie die geleentheid gee om te leer om tussen die houdinge van ander te diskrimineer nie en ook nie tussen die verhouding tussen sulke houdings en vorige ervarings en omstandigdheidsverskille nie, faal daarin om die kind voor te berei vir ŉ gesonde sosiale interaksie. Die inrigting kan dit slegs bereik deur die situasie by die ouerhuis so ver as moontlik na te doen deur die kind self, in samewerking met die toesighouers, so veel as moontlik besluite rakende sy eie aktiwiteite te laat neem, eerder as

dat die kind moet reageer soos bepaal deur reëls wat deur die koshuis van buite opgelê word.

Dit word egter sterk betwyfel of enige koshuis ooit die ouerhuis kan dupliseer. Ruth Levy (1947) verwys na ondersoeke van Lawrey en David Levy (1937) wat heeltemal onafhanklik van mekaar waarnemings gepubliseer het wat tot die gevolgtrekking lei dat kinders wat in 'n gesin groot word maar deur die ouers verwerp word, minder aan emosionele verwaarlosing (affek-honger) ly as kinders wat in inrigtings groot word. Hulle het gevind dat die kontak tussen ouer en kind altyd teenwoordig is afgesien van die dieper verhoudinge. Dit wil dus voorkom of die blote kontak tussen ouer en kind 'n baie belangrike rol speel in die kind se vermoë om emosioneel gesond te ontwikkel. Hierdie persoonlike kontakte moet die koshuisleerling vir 'n groot deel van die jaar verbeur aangesien so 'n persoonlike kontak nie deur die koshuis geduplisseer kan word nie, selfs al is die personeel bewus van die belangrikheid daarvan en al probeer hulle om daarvoor te kompenseer.

Benewens die huis, oefen die skool 'n groot invloed uit op die ontwikkeling van die kind se persoonlikheid. 'n Groot deel van die kind se ontwikkeling is die funksie van die interaksie met klasmaats, standaarde en norms wat deur maats sowel as die skool bewustelik of onbewustelik gestel word. In hierdie opsig vorm die skool die oorgang van die beperkte gemeenskap van die huis tot die groter gemeenskap daarbuite. In hierdie oorgangsfase van huis na skool is dit vanselfsprekend dat die kind sukses sowel as neerlae sal ondervind in sy poging om aan te pas. In hierdie aanpassingsproses is die posisie van die koshuisleerling minder gunstig as dié van die dagskolier./As die dagskolier nie in die skoolsituasie tot selfverwesenliking kan kom nie, het hy daagliks die geleentheid om homself in die gesinsatmosfeer te vind. As lid van 'n gesin mag hy onvoorwaardelik deur ouers, broers en susters aanvaar word ten spyte van akademiese of persoonlike mislukkings. Die koshuisleerling wat akademies swak vorder of ander mislukkings in die skoolsituasie onder-

vind, het min geleenthede om die daaglikse persoonlikheidskokke te versag. Aangesien die skool en koshuis 'n eenheid vorm en die kosganger 'n groot deel van sy vormingsjare daar deurbring, is geleenthede tot selfverwesenliking beperk.

Afgesien van die faktore in die skool en koshuis wat moontlik tot persoonlikheidswanaanpassing by die kosgangers kan lei, is die feit dat hierdie leerlinge vanaf die ouderdom van ses-en-'n-half jaar vir 'n groot gedeelte van die jaar van hul ouers geskei is. Alle navorsers is dit met mekaar eens dat die teenwoordigheid en bystand van die ouers van die allergrootste belang is vir die gesonde persoonlikheidsontwikkeling van die kind.

Riemer (1949) wys daarop dat die geskiedenis van kliniese gevalle baie dikwels aantoon dat een of albei ouers van die pasiënt om een of ander rede vir 'n korter of langer tydperk van die gesin afwesig was. Hierdie verskynsel is volgens hom verantwoordelik vir baie gevalle van persoonlikheidswanaanpassing van kinders. Hy beklemtoon veral die gevare van die emosionele afwesigheid van die ouers, dit wil sê die ouers is fisies aanwesig maar toon geen liefde of belangstelling in die kind nie. In sekere sin is die koshuisleerlinge se ouers fisies én emosioneel afwesig. Riemer stel sy kliniese gevalle se klagte soos volg : "During treatment, these patients elaborated upon their suppressed feelings of suffering as a result of their inability to 'reach' the parent during their early, needy years. (Their parents) .............. who remained, so to speak, 'strangers' to them". (Riemer, 1949,p.294). Die posisie van die adolessent verdien in hierdie verband besondere aandag. Die adolessent is normaalweg ietwat vervreemd van sy ouers. Langdurige afwesigheid van die ouers versterk hierdie vervreemdingsproses. Ouers van kliniese gevalle uit die koshuise se grootste klagte is dikwels dat hulle geen kontak met hulle kind kan maak nie. Wanneer die kind gedurende die vakansie oor sy probleme genader word, dan sluit hy hom dikwels onmiddellik van die ouers af.

Die gebrek aan kontak tussen ouer en kind belemmer elke aspek van menslike verhoudinge. Riemer (1949) wys daarop dat daar gedurende die langdurige tydperk waarin die kind kontak met sy ouers moet verbeur, ŉ beskermende patroon van outomatiese terugtrekking ontwikkel, waarvan hy hom moeilik kan bevry. Die afwesigheid van ouerliefde en kontak verminder die belangrike opvoedingsituasies wat die groeiende kind nodig het vir die ontwikkeling van sy persoonlikheid. Die gedragsprobleme en neurose wat daarop volg, is die pogings van ŉ onvolwasse persoonlikheid om die alledaagse verantwoordelikhede die hoof te bied. Riemer kom dan, onder andere, tot die gevolgende slotsom:

(a) Langdurige of herhaalde fisiese afwesigheid van een ouer, skep ŉ onbevredigende atmosfeer vir die ontwikkeling van die kind se persoonlikheid.

(b) Die wanaanpassing van die kind se persoonlikheid is gewoonlik in verhouding tot die som van fisiese en emosionele afwesigheid van die ouers.

(c) Dit is waarskynlik dat meer as 50% van die bevolking onbewus is van die invloed wat die fisiese en emosionele afwesigheid van die ouers op die persoonlikheidsontwikkeling van die kind het.

Om die omstandighede waarin die kosganger sy ontwikkelingsjare deurbring in die regte lig te sien, is dit van groot belang dat ons die ontwikkelingstadium waarin die skoolbeginner verkeer, in die oog hou. Op die ouderdom van ongeveer ses - sewe jaar, word die psigiese energie van die kind al meer na groepe buite die huis gerig. Vrye omgang in spel en werk is op hierdie stadium van groot belang vir sy persoonlikheidsontwikkeling. Om met sukses sy ervarings in die buitewêreld deur te maak, moet hy belangrike impulse en behoeftes wat hy teenoor ouers en familie gekoester het, onderdruk. Om hierdie impulse op mense buite die gesin te rig en bewus te word van nuwe behoeftes, is die omgang met maats die belangrikste hulpmiddel. Hier dink ons veral aan klasmaats, sosiale klubs, ensovoorts. Die ervarings in hierdie groepe word in die

struktuur van die persoonlikheid opgeneem. Die ontwikkeling van die ego, die super-ego en verskeie verdedigings wat hulle oorsprong in die gesinsverhoudinge gehad het, word bevorder, gewysig en min of meer tot 'n eenheid geïntegreer.

Die ontwikkelingstadium waarin die kind verkeer wanneer hy vir die eerste keer in die skool en koshuis opgeneem word, is dus van die allergrootste belang vir die ontwikkeling van sy interpersoonlike verhoudings. In 'n groot mate sal die gedragspatrone en verdedigingsmeganismes wat hy in die eerste ses jaar van sy lewe van sy ouers geleer het, bepaal of hy 'n gesonde aanpassing sal maak of nie. Indien hy nie 'n gesonde aanpassing maak nie en daar ontstaan spanning of konflik, is daar niemand wat hom met sy probleme kan help nie. Baie min onderwysers neem kennis van die persoonlike aanpassing van leerlinge tensy die leerling se simptome sy skoolwerk of dissipline raak. Selfs dan word sulke kinders as "stout" of "koppig" gediagnoseer en dienooreenkomstig behandel. Volgens Horney (1937) is dit nie noodwendig dat die neurotiese kind opvallende simptome hoef te openbaar nie. Baie persoonlikheidsprobleme van leerlinge kan dus voortgaan sonder dat die skool- of koshuispersoneel daarvan bewus is. As gevolg van die afwesigheid van die koshuisleerling se ouers, is hy heeltemal op homself aangewese om die belangrike oorgangsfase van primêre verhoudings met sy ouers en gesin na sekondêre verhoudings met die buitewêreld deur te maak. Daar is dus volop geleenthede vir ongesonde aanpassing. Slavson (1949) meen dat een van die belangrikste doeleindes van die onderwys behoort te wees om aan hierdie sosiale behoeftes van die kind te voldoen. Die doel van die skool en koshuis moet dus onder andere wees om hierdie ervarings met mense in sterk, gesonde verhoudings te laat ontwikkel.

Oppervlakkig geoordeel, wil dit natuurlik voorkom of die kosgangers sosiaal beter aangepas is as die dagskoliere. Baie onderwysers is ook dié mening toegedaan. Die koshuis bied ideale geleenthede vir die vorming van inter-persoonlike verhoudings mits die emosionele agtergrond

reg is en mits die kind op die stadium van ontwikkeling is waar hy ontvanklik is vir die geleenthede. Dit is egter die kwaliteit van hierdie verhoudings wat ons aandag in hierdie ondersoek vereis. Daarom kan volstaan word met die siening van Jersild (1960) dat sosiale aanpassing nie sinoniem is met gesonde aanpassing nie. Hy is verder van mening dat dit vir die kind as lid van 'n ouderdomsgroep nodig is om by sy maats aan te pas, maar dat dit ook baie belangrik is dat hy sy individualiteit moet behou. Alhoewel die kind in die aanpassingsproses oorwinnings en neerlae sal ly, moet die aanpassingsproses nie so moeilik wees dat dit sy ontwikkeling sal strem nie. Die kind is 'n onlosmaakbare deel van sy gemeenskap en hy vind homself deur die verhoudings met sy medemens; hy verloor homself en sy waardigheid as mens egter as hy ter wille van die sosiale aanpassing 'n blote saamloper en saamprater word.

B. Vroeëre Navorsing wat betrekking het op die Huidige Ondersoek:

By die literatuurstudie vir hierdie ondersoek kon geen navorsingswerk wat enigsins dui op die persoonlikheidsaanpassing van skoolkoshuisleerlinge gevind word nie. Al die navorsingswerk wat opgespoor kon word, is gedoen met inrigtingskinders wat as gevolg van een of ander sosiaal-patologiese omstandighede in die inrigtings beland het. Die eksperimentele werk is ook meestal gedurende die eerste drie jaar van die inrigtingskinders se lewe gedoen, dit wil sê in die tydperk wanneer die primêre verhoudings tussen ouer en kind normaalweg gevorm word. Die eksperimentele werk wat geraadpleeg is, verskil dus daarin dat die huidige ondersoek beperk is tot die tydperk waarin die sekondêre verhoudings van die kind ontwikkel. Die bevindinge van die bestaande eksperimentele werk, is nietemin, van belang vir die huidige ondersoek omdat dit agtergrond bied daarvoor en daarby aansluit. 'n Paar van die belangrikste ondersoeke sal dus kortliks bespreek word en daarna sal die bevindinge in breër trekke, vir sover dit op die huidige ondersoek van toepassing is, bespreek word.

Goldfarb (1943) het die invloed van vroeë plasing van kinders in inrigtings op die persoonlikheid van adolessente ondersoek. Die groep kinders wat hy ondersoek het, is almal voor hulle derde jaar in inrigtings geplaas en na hulle derde jaar by pleegouers of gesinne uitgeplaas. In hul adolessentestadium het hy hulle toe met ŉ normale groep vergelyk deur middel van die Grafiese Rorschach, dit wil sê, hy het slegs van die kwantitatiewe gegewens soos in die Rorschach-grafiek aangedui, gebruik gemaak. Hy het gevind dat daar veral ŉ verskil in die konkrete en abstrakte houding van die persoonlikheid is. Sy bevindinge het aansluiting gevind by dié van Goldstein en Scheerer (1941). Laasgenoemde skrywers beklemtoon die feit dat konkrete en abstrakte houdings vermoënsvlakke van die totale persoonlikheid is. Die individu met die konkrete houding is vertraag met betrekking tot redenering en bewuste gewaarwording van die implikasies van sy gedrag. In sy intellektuele gedragslewe is hy onnadenkend en passief. Die individu met die abstrakte houding word in sy gedrag deur sy denke gerig en is bewus van die implikasies van sy gedrag.

Hierdie navorsingswerk van Goldfarb het bewys dat die kind wat tot sy derde jaar in ŉ inrigting was ŉ unieke persoonlikheidsontwikkeling openbaar selfs al geniet hy ŉ normale huislike lewe daarna. Die unieke neigings is duidelik in alle fasette van die persoonlikheid openbaar, hetsy emosioneel, sosiaal of intellektueel. Die persoonlikheidsneigings is volgens Goldfarb: (a) ŉ verarmde, ongediffirensieerde persoonlikheid met verwante vertraging in inhibisie en beheer; en (b) passiewe of apatiese persoonlikheid. In ŉ ander ondersoek het Goldfarb (1944) 15 pare kinders met ouderdomme van tussen 10 en 14 jaar met die Rorschach-inkkladtoets ondersoek. Die een groep van 15 was van ongeveer ses maande tot drie-en-ŉ-half jaar in ŉ inrigting terwyl die ander groep nie in ŉ inrigting was nie. Hy het gevind dat die twee groepe nie verskil in die hoeveelheid of lokalisasie van response nie of in die hoofdeterminante nie, behalwe by die suiwer kleurresponse. Die groter aantal suiwer kleur-response van die inrigtings-

kinders was 'n duidelike aanduiding van swakker emosionele beheer. Die groepe het ook nie verskil in hul siening van beweging, mense, diere en skadu-effekte nie. Hulle het egter duidelik verskil in die kwaliteit van response; die inrigtingskinders se waarneming van dieselfde beelde as die kontrolegroepe was minder noukeurig en het minder verband met die werklike vlek gehou. Hulle waarnemings was minder georganiseerd en dikwels gekonfabuleer, dit wil sê meer DW-response. Daar was minder populêre response wat waarskynlik op 'n gebrek aan sosiale konformiteit dui. Daar was ook meer O-response, maar laasgenoemde was baie swak gesien, wat op minder kontak met die werklikheid en minder populêre denke dui. Hy het die eksperimentele groep ook met skisofrene van dieselfde ouderdom vergelyk en gevind dat die Rorschach-response 'n merkwaardige ooreenkoms getoon het. Die grootste verskil is gevind in die relatiewe afwesigheid van angs by inrigtingskinders, teenoor 'n baie groot mate van angs by die skisofrene.

Bowlby (1952) het die navorsingswerk in verband met die persoonlikheidsontwikkeling van inrigtingskinders van oor die hele wêreld saamgevat en gevind dat daar 'n merkwaardige ooreenkoms in die bevindinge van die verskillende navorsers was. Almal was dit met mekaar eens dat die gebrek aan die moederlike sorg gedurende die eerste lewensjaar van die kind, ernstige skade aan die persoonlikheidsontwikkeling kan besorg. Hy kom ook tot die gevolgtrekking dat die ontwikkeling van die ego en superego 'n baie sterk verband met die kind se primêre menslike verhoudings het. Slegs wanneer hierdie ontwikkeling op 'n bevredigende wyse kan voortgaan, dit wil sê die primêre verhoudings, kan die ego en superego ontwikkel. As geestelike ontwikkeling moet plaasvind, het die ongedifferensieerde psige van die kind die beskerming en leiding van 'n psigiese organiseerder nodig, naamlik die moeder.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is dit dus noodsaaklik dat ons kennis neem van die verskillende fases van die ontwikkeling van die kind se menslike verhoudings. Bowlby noem drie fases in breë trekke:

(a) Die fase waarin die kind besig is om 'n verhouding met 'n duidelik geïdentifiseerde persoon, naamlik sy moeder, te bewerkstellig. Normaalweg geskied dit in die vyfde tot sesde maand.
(b) Die fase waarin die kind die moeder gedurig by hom moet hê, gewoonlik tot ongeveer die derde jaar.
(c) Die fase waar hy in staat is om 'n verhouding met sy moeder in haar afwesigheid te handhaaf. Gedurende die vierde en vyfde lewensjaar kan so 'n verhouding slegs gehandhaaf word as die omstandighede gunstig is en dan slegs vir 'n paar dae of weke. Na die sewende of agste jaar kan sy verhouding met sy moeder gehandhaaf word vir 'n jaar of meer, maar nie sonder spanning nie. Bowlby wys egter daarop dat die ouderdom waarop die verskillende fases by verskillende kinders voltooi word, net soos fisiese ryping, kan varieer. Die ontwikkelingsfase waarin die kind verkeer en die mate waarin hy homself reeds met sy moeder geïdentifiseer het, sal dus bepaal hoe sy persoonlikheid sal ontwikkel wanneer hy haar sorg verlaat.

Die vraag ontstaan nou op watter ouderdom die kind nie meer kwesbaar sal wees by gebrek of afwesigheid van die moederlike sorg nie. Bowlby (1952, p.26) kom tot die gevolgtrekking dat afwesigheid van die moederlike sorg tussen die ouderdom van drie tot vyf jaar nog ernstige gevolge kan hê, alhoewel dit minder sal wees as in die vroeër jare. Na die ouderdom van vyf jaar sal die persoonlikheidskade as gevolg van die afwesigheid van die moeder steeds verminder, maar daar bestaan volgens hom geen twyfel dat 'n redelike aantal kinders tussen die ouderdom van vyf tot agt jaar nie daarin sal slaag om 'n gesonde aanpassing in die afwesigheid van die moeder te maak nie.

Edelston, (aangehaal deur Bowlby, 1952) het 'n studie gemaak van Engelse kinders wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog om veiligheidsredes van hulle ouers verwyder is. Ongeveer die helfte van die groep wat deur hom bestudeer is, was tussen drie tot agt jaar oud. Die kinders kon duidelik vertel van die angs wat hulle deurgemaak het en

van die gevoel dat hulle nooit weer na hulle ouers sal terugkeer nie. By 'n groep van 5 - 16. jariges het dit duidelik geblyk dat hulle nog nie emosioneel opgewasse was om sonder hulle ouers klaar te kom nie. Onderwysers het gevind dat hulle gedurig na hulle ouers verlang het, dat hulle nie op hulle skoolwerk kan konsentreer nie en dat bedwatering toegeneem het. Hoewel hierdie probleme tydelik van aard was, het 'n aantal kinders se probleme, selfs nadat hulle by hulle ouers terug was, voortgeduur. Hierdie bevindinge moet natuurlik teen die agtergrond van die abnormale omstandighede gesien word. Die angs by die kinders mag toegeskryf word aan die kinders se bekommernis oor hul ouers se veiligheid.

Gesell en Amatruda (1941) het bevind dat onder langdurige inrigtingstoestande, gedragsgroei kan afneem en dat verarming van die omgewing tot gedragsarmoede kan lei. ~~Hy~~ Hulle beweer nie dat dit verstandsvertraging tot gevolg het nie, maar dat dit simptomatiese sindrome voortbring wat ernstig genoeg is om diagnose te bemoeilik en terapie vereis.

Bender (1945), aangehaal deur Ruth Levy (1947) het verslae van honderde kinders met ernstige persoonlikheidsafwykings nagegaan en bevind dat hul afwykings toe te skryf is aan die feit dat hulle die eerste paar jaar van hulle lewe in inrigtings deurgebring het. Sy skryf die afwykings van hierdie kinders toe aan die feit dat hulle die eerste paar jaar van hulle lewe moederlike liefde en sorg moes verbeur.

Uit die voorafgaande navorsingswerk kan ons die gevolgtrekking maak dat die moederlike sorg gedurende die eerste lewensjaar van die kind onontbeerlik is vir gesonde persoonlikheidsontwikkeling. Ons kan ook aanneem dat, namate die kind ouer word, hy minder skade aan persoonlikheidsontwikkeling sal ondervind indien hy van die ouers geskei word. Ons kan dus aanneem dat die kosgangers in hierdie ondersoek wat op ongeveer ses-en-'n-half jaar die ouerlike sorg moet verlaat, in 'n minder mate aan ernstige persoonlikheidswanaanpas-

sing blootgestel sal wees maar dat daar wel wanaanpassing kan geskied. ŉ Belangrike verskil tussen die kosgangers en die inrigtingskind is dat eersgenoemde, veral in Suidwes-Afrika, hoofsaaklik om een rede na die koshuis gaan, naamlik as gevolg van die afstand tussen die skool en die ouerhuis terwyl die inrigtingskind gewoonlik daar beland as gevolg van sosiaal-patologiese omstandighede van die gesin. Die kosgangers het ook die geleentheid gehad om onder die moederlike sorg te verkeer gedurende die jare waarin primêre verhoudings ontwikkel het. Baie inrigtingskinders het nie daardie voorreg gehad nie. Indien daar dus persoonlikheidswanaanpassing by die kosgangers gevind word, kan ons verwag dat dit in omvang en aard van die bevindinge oor inrigtingskinders sal verskil.

In die lig van die voorafgaande gegewens wil ons dan die hipotese stel dat leerlinge in Suidwes-Afrika wat vanaf hul aanvangsonderwys in koshuise moet inwoon, as gevolg van die langdurige afwesigheid van die ouers en as gevolg van faktore binne die skool en koshuis, waarskynlik aan persoonlikheidswanaanpassing blootgestel sal wees.

C. <u>Meetinstrumente wat by Ondersoek gebruik is:</u>

By die keuse van die meetinstrumente was die belangrikste oorwegings om toetse te vind wat spesifieke persoonlikheidsaspekte meet. Dit wil sê dié persoonlikheidsaspekte waar die kosgangers as gevolg van die besondere omstandighede moontlik van die dagskoliere sou verskil. ŉ Tweede belangrike oorweging was om toetse te vind wat so ver moontlik faktorsuiwer is. Die toetse wat dus gebruik is, is óf deur faktoranalise of itemanalise gesuiwer. Die probleem is egter dat die toetse se betroubaarheid en geldigheid slegs op groepe in Amerika vasgestel is en nie op plaaslike proefpersone nie. Die betroubaarheid van die toetse is vir die huidige ondersoek verkry terwyl dit aangeneem word dat hulle ook geldig vir die huidige groepe is. Die feit dat daar geen geldigheid gegewens vir die plaaslike groep bestaan nie, sal dus in aanmerking geneem word by die interpretasie van die finale gegewens.

Die veronderstelling was dat die koshuisleerlinge as gevolg van die verskillende omstandigheidsfaktore ten opsigte van die volgende aspekte sou verskil:

Afhanklikheid - Dominansie.

Angs - Emosionaliteit (neurotiese neigings en angs).

Vyandigheid, bedek of openlik.

Sosiale Ekstroversie-Introversie.

Veiligheid - Onveiligheid.

Rigiditeit of starheid.

Egosterkte.

Sosio-ekonomiese status.

(a) Die Egosterkte-skaal:

Barron (1953) het dié skaal orspronklik gebruik om die reaksie van psigoneurotiese pasiënte op terapie te voorspel. Volgens die skrywer kan daar egter 'n breër psigologiese interpretasie van die toets gemaak word sodat dit ook van nut kan wees om algemene aanpassing te meet. Dit wil dus voorkom of die toets verskeie aspekte van doeltreffende persoonlikheidsfunksionering meet wat gewoonlik as egosterkte omskryf word.

Die skaal bestaan uit 68 items wat uit 550 items van die MMPI geneem is. Die spesifieke items is geneem omdat daar 'n beduidende korrelasie was tussen die items en die beoordeelde verbetering van 33 psigoneurotiese pasiënte wat vir ses maande behandeling in 'n psigiatriese kliniek ontvang het: Die verhouding van die skaalpunte tot die gevolge van die terapie in verskeie kruisvaliderings-steekproewe het tot die gevolgtrekking gelei dat egosterkte, soos dit voor terapie bestaan het, 'n belangrike determinant by persoonlikheidsverandering gedurende psigoterapie is. 'n Twee-helfte-betroubaarheid in 'n kliniese populasie van 126 pasiënte was .76. Toets-hertoets-betroubaarheid na drie maande in 'n steekproef van 30 gevalle was .72. Uit 'n analise van pasiënte se antwoorde wat verbetering voor terapie getoon het, het Barron tot die slotsom gekom dat 'n pasiënt met goeie prognose die volgende kenmerke toon: fisiologiese stabiliteit en goeie gesondheid, 'n sterk sin vir die werklikheid, gevoelens van persoonlike bekwaamheid

15/.....

en vitaliteit, toegewende moraliteit, gebrek aan etniese vooroordeel, emosionele na-buite-lewe, spontaniëteit en intelligensie.

Reeds gedurende die vroeë stadium van die ontwikkeling van die skaal deur Barron het dit duidelik geword dat die skaal iets meer behels as net 'n voorspelling van terapeutiese vordering. Barron self het beweer dat die toets konstruktiewe elemente in die persoonlikheid meet. Gevolglik het verskeie ondersoekers hulle in die "geestesgesondheidsaspek" van die toets geïnteresseer.

Quay (1955) het 45 psigotiese gevalle en 22 psigoneurotiese gevalle met 'n normale kontrolegroep van 92 leerlingverpleegsters en 41 psigiatriese opsigters op die Egosterkte-skaal vergelyk. Die vergelyking tussen die pasiënte en die opsigters het 'n t-waarde van 2.57 (5% grens) gegee en dié tussen die pasiënte en verpleegsters 'n t-waarde van 7.35 (1% grens). Die toets het dus beduidend onderskei tussen die "normale" en die afwykende groep. Quay het tot die gevolgtrekking gekom dat die skaal 'n positiewe verband het met persoonlikheidsfunksionering en nie so seer met "disabled personalities" nie.

Crumpton, Cantor en Batiste (1960) het 'n faktor-analise van Barron se Egosterkte-skaal gemaak. Die Thurstonese sentroïde metode is gebruik en is verder analities deur middel van die Kaiser Varimax-metode genoteer. Die proefpersone het uit 110 manlike psigiatriese pasiënte en 70 manlike mediese studente bestaan. Die resultate van die faktor-analise is gebruik om die misleidende of onnodige items weg te laat en sodoende die toets te suiwer. Die resultate bevestig die bevindinge van Barron en andere dat die Egosterkte-skaal 'n waardevolle meetinstrument vir persoonlikheidsevaluasie is. Hulle is egter van mening dat die skaal eerder die afwesigheid van spesefieke egoswakhede meet en nie so seer die aanwesigheid van egosterkte nie.

Gottesman (1959) het van die veronderstelling uitgegaan dat as

die Egosterkte-skaal werklik egosterkte meet, dit in staat moet wees om tussen groepe van wie die relatiewe egosterkte bekend is, te onderskei. Normale volwassenes moet dan hoër presteer as normale adolessente. Normale adolessente moet hoër presteer as afwykende adolessente en jeugmisdadigers moet dan ongeveer tussen laasgenoemde twee presteer. Normale volwassenes moet hoër presteer as psigoneurotiese en psigotiese volwassenes. Hy het sodanige groepe deur middel van die MMPI beoordeel. Die Egosterkte-skaal is op al die groepe toegepas. Die skaal het op ŉ breë basis tussen die psigiatriese en nie-psigiatriese groepe onderskei. By die ander groepe is geen beduidende verskille gevind nie.

Sinnett (1962) het probeer bewys dat daar ŉ positiewe verband tussen die Egosterkte-skaal en die prognose van ŉ groep pasiënte wat milieuterapie ontvang, bestaan. Hiermee wou hy bewyse vind vir die bevinding van Barron en Leary (1955) dat daar geen verskil was in die psigoterapeutiese vordering tussen ŉ groep wat terapie ontvang het en ŉ groep wat op ŉ waglys vir terapie was nie. (Soos gemeet deur die Egosterkte-skaal). ŉ Soortgelyke voorspelling is deur Sinnett gemaak ten opsigte van ŉ groep pasiënte wat psigoterapie en milieu-terapie ontvang, (Die psigoterapie-groep) en ŉ groep wat slegs milieu-terapie ontvang. Vir eersgenoemde groep het die Egosterkte-skaal ŉ beduidende verband met beoordeelde persoonlikheidsverandering getoon. (r .37, p .05). Daar was egter geen beduidende verband met beoordeelde simptomatiese verbetering nie, (r .21). Vir die milieu-terapie-groep is geen beduidende verband met persoonlikheidsverandering of beoordeelde simptomatiese verbetering gevind nie. Hy kon dus geen bevestiging vir Barron en Leary se bevinding verkry nie. Ten spyte hiervan is daar bevestigende gegewens verkry vir die Egosterkte-skaal as ŉ voorspellingsinstrument vir die vordering deur middel van psigoterapie.

Wirt (1955) het die MMPI op alle pasiënte wat gedurende ŉ tydperk van een jaar tot die Minneapolis Veterans Administration Hospital opgeneem is, toegepas. Uit ŉ totaal van 535 gevalle is 225 gekies wat geen organiese afwykings gehad het nie. Na die pasiënte se ontslag en

sonder kennis van die uitslag van die Egosterkte-skaal, het psigiaters die pasiënte soos volg beoordeel: die wat geen verbetering getoon het nie, die wat verbetering getoon het en die wat groot verbetering getoon het. Die 203 gevalle wat min of meer eenders beoordeel is en slegs deur middel van psigoterapie behandel is, is as steekproef gebruik. Die Egosterkte-skaal het ŉ onderskeid gemaak tussen die verskillende groepe (Beter as .05 vlak). Geen pasiënt in die groep wat geen verbetering getoon het nie, het die mediaan van die pasiënte in die groep wat groot verbetering getoon het, oorskry nie. As ŉ snypunt van 50 vir die roupunte van die skaal gebruik word, is al die pasiënte bo die snypunt as verbeter beoordeel.

Himelstein (1964) het ŉ studie onderneem om vas te stel of daar verskille bestaan tussen studente wat aan dieselfde Universiteit studeer. Groepe studente wat terapie ontvang en groepe wat nie terapie ontvang nie, is deur middel van die Egosterkte-skaal vergelyk en dit is bevind dat daar wel ŉ onderskeid gemaak word. Daar was ook die neiging dat gevalle wat vrywillig om hulp gevra het, hoër op die skaal presteer het as gevalle wat vir terapie verwys is. Himelstein het hiermee bewys dat die toets tussen groepe binne dieselfde populasie en tussen terapeutiese en normale gevalle kan onderskei.

Uit die navorsingswerk wat in verband met die toets gedoen is, is dit dus duidelik dat die toets nie slegs egosterkte meet nie maar ook kan dien om algemene aanpassing te meet. Leerlinge wat ~~dus~~ hoog presteer op hierdie toets kan dus as beter aangepas beskou word en die wat laag presteer, kan as swakker aangepas beskou word.

(b) <u>Die Onvoltooide Sinne-toets:</u>

Hierdie toets bestaan uit 40 sinne waarvan slegs die eerste woorde van die sin op die vorm verskyn. Die proefpersoon moet dan die sin voltooi. Die toets is dus veronderstel om ŉ semi-projektiewe tegniek te wees. Die aanleidende woorde van die sin dien as prikkel waarna die proefpersoon dan sy gevoelens in die voltooiing van die sin

projekteer. Die vorm wat in hierdie ondersoek gebruik is, is dié van Rotter vir hoërskoolleerlinge. (Kyk Bylaag B.)

Die probleem met hierdie tipe toets is gewoonlik die subjektiwiteit wat by die beoordeling van die proefpersoon se antwoorde insluip. Om die betroubaarheid van die beoordeling vas te stel, word dan gewoonlik van 'n tweede beoordelaar gebruik gemaak en die interbeoordelaars-betroubaarheidskoëffisiënt word bereken. Indien 'n geskikte beoordelaar gevind kan word, sal hierdie prosedure gevolg word. Indien so 'n persoon nie gevind kan word nie, sal die tweede beoordeling, na verloop van 'n paar maande, deur die ondersoeker self gedoen word.

K. Edward Renner (ongedateer) het onder leiding van Brendan A. Maher normsinne vir drie aspekte van die persoonlikheid wat deur middel van die Onvoltooide Sinne-toets gemeet word, opgestel, naamlik Afhanklikheid, Angs en Vyandigheid. Hierdie normsinne is op logiese gronde uit voorbeelde van 150 protokolle van Rotter se toets afgelei. Behalwe die normsinne is daar ook logiese definisies van dié drie persoonlikheidsaspekte. Wanneer 'n proefpersoon se antwoord dus nie tussen die normsinne verskyn nie, kan na die logiese definisies verwys word. Daar is ook voorbeeldsinne om die onderafdelings van die logiese definisies te illustreer. Subjektiwiteit word dus by die beoordeling tot 'n groot mate beperk. By die nasien van die antwoorde is die sinne van die 86 proefpersone in volgorde nagesien, dit wil sê eers is vraag 1 van al die proefpersone nagesien, daarna vraag 2 van al die proefpersone, ensovoorts. Hierdie metode is gevolg om die beoordeling van die afsonderlike vrae vir al die proefpersone so betroubaar moontlik te hou. Die puntetoekenning vir die normsinne varieer van 0 - 2.

Die logiese definisies van die drie persoonlikheidsaspekte is kortliks soos volg:

(a) <u>Afhanklikheid</u>:

Die afhanklike persoon het 'n behoefte daaraan dat individue of

groepe sal voorkom dat hy gefrustreer of gestraf word. Hy maak dus staat op ander mense vir die vervulling van sy behoeftes. Hy is dus nie selfstandig nie, soek die hulp van ander mense, vra dikwels raad met betrekking tot eenvoudige beslissings soos watter klere om te dra, hoe om sy sakgeld te bestee, ensovoorts. Hy is geneig om hom met sterk persoonlikhede te identifiseer, gehoorsaam reëls maklik, is lief vir sekerheid en word maklik deur ander beïnvloed.

(b) Angs:

Die persoon wat aan angs ly, is gedurig "bekommerd", ly aan vrees en openbaar simptome van fisiese gereedheid vir optrede en psigologiese simptome van vrees, gebrek aan konsentrasie en ŉ neiging tot dwanghandelinge. Hierdie houding word veral uitgeleef in veelvuldige bekommernisse oor algemene of spesefieke dinge, vreesgevoelens, hy verwag altyd die slegste en voorsien moontlike ongelukkige gebeurtenisse. Hy vrees die toekoms en wat dit vir hom inhou. Hy sien die lewe as sinloos. Daar is fisiese spanning en rusteloosheid. Psigiese energie word gebruik deur bekommernis oor homself of dwanghandelinge. Hy het ŉ abnormale vrees vir plekke en dinge (fobieë). Daar is tekens van geestelike onrus soos byvoorbeeld besluiteloosheid en die onvermoë om lank op een ding te konsentreer.

(c) Vyandigheid:

Die vyandige persoon het ŉ behoefte om aggressief en haatlik teenoor ander op te tree. Hy reageer teenoor onbenullige frustrasies, ander mense en sosiale beperkinge met gemeenheid en woede. ŉ Vyandige persoon koester dus ŉ gevoel van haat en woede teenoor sy medemens of ignoreer die gevoelens en behoeftes van ander mense. Hy tree haatlik op teenoor ander mense of geniet dit as ander mense deur sodanige optrede benadeel word al tree hy nie self so op nie. Hy openbaar gemeenheid en opstandigheid teenoor sosiale kodes en gebruike of teen die samelewing in die algemeen, ŉ sterk afkeur vir enige gesagsfiguur en woordelike aanvalle op mense se gedrag of denkwyse. Daar is onwilligheid om geneëntheid van ander te ontvang ....... hy voel bedreig deur sulke toenaderings en wantrou mense in die algemeen. Hy openbaar woede en/of aggressie teenoor lewelose voorwerpe en

"dinge". (Bv. Ek haat .... boeke.) Hy is onwillig om ander te help; toon buitengewoon sterk vyandige reaksies teenoor onbenullige frustrasies, maak dikwels selfvernietigende bewerings, dit wil sê, toon aggressiwiteit wat na binne gerig is.

Die aspekte wat deur middel van die Onvoltooide Sinne-toets gemeet word, is ook met min of meer ooreenstemmende vraelystoetse gemeet. Die veronderstelling was dat, indien geskikte gegewens nie met die vraelystoetse verkry kon word nie, n semi- projektiewe tegniek waarskynlik meer insiggewende resultate sou lewer. Teenoor Afhanklikheid is die toets vir Dominansie gestel, teenoor Angs die toets vir Emosionaliteit en teenoor Vyandigheid die toetse vir Bedekte en Openlike Vyandigheid.

Verskeie ondersoekers het die betroubaarheid en geldigheid van Rotter se Onvoltooide Sinne-toets probeer vasstel.

Rotter, Rafferty en Lotsof (1954) het die geldigheid en betroubaarheid van Rotter se Hoërskoolvorm ondersoek. Hulle het norms vir die vorm opgestel. Die toets is op 50 seuns en 50 dogters toegepas en die betroubaarheidskoëffisiënte is bereken. Vir die seuns het hulle n twee-helfte-betroubaarheid (Spearman-Brown-korreksie) van .74 verkry en vir die dogters .86. Dit is egter net n skatting van die betroubaarheid aangesien die twee helftes nie werklik met mekaar ooreenkom nie. Hulle het egter n inter-beoordelaarsbetroubaarheid van .96 vir seuns en .97 vir dogters verkry. Hulle het ook lae positiewe korrelasies (slegs by dogters beduidend) tussen die toets en beoordelings deur sielkundiges gedurende onderhoude en sosiometriese gegewens binne n normale groep verkry. Die toets het ook onderskei tussen n uitgesoekte groep wanaangepaste kinders wat na klinieke verwys is en n toevallig-uitgesoekte groep hoërskoolkinders uit n normale bevolking. n Interessante bevinding van die ondersoekers was dat hulle dit moeilik gevind het om kinders wie se protokolle ernstige emosionele versteurings getoon het, in terme van hul gedrag van ander kinders te onderskei. Volgens die

ondersoekers weet ons nog te min van wanaanpassing by die adolessent en vereis dit nog uitgebreide navorsingswerk.

Churchill en Crandall (1955) het in ’n ondersoek na die betroubaarheid en geldigheid van die toets probeer vasstel of die inter-beoordelaarsbetroubaarheid ook so hoog sal wees as dié wat deur Rotter en sy medewerkers gevind is, wanneer die beoordelaars nie deur die opstellers van die toets opgelei is nie, ook nie veel opleiding in die Sielkunde gehad het nie en dus slegs op die handleiding vir beoordeling kon staat maak. Hulle wou ook vasstel of die toets nie net die gemoedstoestand van die proefpersoon ten tyde van meting vasstel nie. Indien die toets enige waarde sou hê, moet dit in staat wees om sy betroubaarheid met hertoets na ’n lang tydperk te behou. Verder wou hulle vasstel of die norms wat verkry is aan die Universiteit waar die toets opgestel is, ook geldig is vir ander universiteite en in watter mate die toets tussen wanaangepaste en aangepaste individue onderskei.

Proefpersone het bestaan uit studente van ’n klein universiteit en moeders van ’n middelklasgroep. Die resultate was soos volg:
(a) ’n Hoë inter-beoordelaarsbetroubaarheid is verkry met beoordelaars wat slegs ’n B.A.-graad in Sielkunde of selfs minder gehad het. Hulle is slegs deur middel van die handleiding opgelei. In al die gevalle was die betroubaarheid hoër as .90. (b) ’n Redelike toets-hertoetsbetroubaarheid is verkry. Betroubaarheidskoëffisiënte vir hertoets na ses maande, een jaar en drie jaar het gewissel van .38 tot .54 (.01 vlak) wat daarop gedui het dat die toets nie bloot tydelike gemoedstoestande meet nie. Die moeders wat na 20 maande weer gemeet is, het ’n hoë betroubaarheid van .70 gegee wat waarskynlik te wyte is aan die stabiliteit van hul persoonlikhede en die omgewing. (c) Geen konstante veranderings in gemiddeldes en variasies is met hertoets gevind nie. (d) Die norms wat uit hierdie ondersoek verkry is, het nie veel van dié van Rotter en sy medewerkers verskil nie.
(e) Die toets beskik oor ’n redelike vermoë om te onderskei tussen wanaanpassing en aanpassing as die kriterium die aanmelding of nie-

aanmelding vir sielkundige voorligting uitmaak.

Rotter, Rafferty en Schachtitz (1949) het die geldigheid van hul toets op universiteitstudente probeer vasstel. Hulle het ꞌn inter-beoordelaarsbetroubaarheid van .96 by dames (N 50) en .91 by mans (N 50) verkry. Daar was baie min wisseling in gemiddeldes en standaardafwykings by albei groepe. Die biseriale geldigheidskoëffisiënt wat verkry is tussen graderings van aangepaste en wanaangepaste proefpersone en toetsprestasies was .64 vir dames en .77 vir mans. Die ondersoekers wys daarop dat die toets veronderstel is om veranderinge in aanpassing te meet en gevolglik kan die toets-hertoets metode en inter-korrelasies tussen items nie toegepas word nie. Die items is nie veronderstel om dieselfde aspekte te meet nie.

Schofield (1953) sê in sy oorsig van die gegewens wat reeds met hierdie toets verkry is, dat meer gegewens oor die geldigheid van die toets verkry moet word asook beter kliniese kriteria om die geldigheid mee vas te stel. Volgens die skrywer beskik die toets egter oor groot eksperimentele waarde en is geskik om op ꞌn breë basis tussen wanaangepaste en aangepaste persone te onderskei.

(c) <u>Die skaal vir Veiligheid-Onveiligheid</u>:

Maslow (1945) het hierdie toets na aanleiding van sy navorsingswerk in verband met psigologiese en emosionele sekuriteit opgestel. Die toets is afgelei van ꞌn aantal sub-sindrome wat deur Maslow beskou word as ꞌn definisie van die gevoel van veiligheid-onveiligheid. ꞌn Persoon wat psigologies onveilig voel, definieer hy soos volg: Hy ly aan ꞌn gevoel van verwerpenheid, het gevoelens van isolasie, sien die wêreld as dreigend, vyandig en uitdagend, sien ander mense as hoofsaaklik sleg, het gedurig ꞌn gevoel van bedreiging en angs, is wantrouig en vyandig, voel teneergedruk, ongelukkig en ontevrede, ly aan spanning en konflik met gepaardgaande psigo-somatiese versteurings, het sterk neigings tot morbiede selfondersoek, skuld- en skaamtegevoelens, versteurings in die selfwaarderingskompleks soos byvoorbeeld dwangambisie, oor-aggressie, kruiperigheid, ensovoorts en daar is ꞌn voortdurende strewing

na veiligheid en verskeie neurotiese neigings is teenwoordig. Ten slotte is daar 'n sterk egosentriese neiging. 'n Persoon wat veilig voel, sal dan min of meer die teenoorgestelde neigings toon. Die items in die toets is gebaseer op hierdie 14 kenmerke van die persoon wat onveilig voel en 14 kenmerke van die persoon wat veilig voel.

Maslow het die kliniese kriteria van 'n groep individue wat as veilig-onveilig beoordeel is, afgelei. Ongeveer 300 outobiografieë is verkry van studente wat lesings in Abnormale en Persoonlikheidsielkunde gevolg het. Alle studente wat 'n sterk gevoel van veiligheid-onveiligheid getoon het (volgens hul eie mening), is deur die skrywer persoonlik vir 30 - 40 uur klinies ondersoek. Gedurende hierdie ondersoeke is aantekeninge gemaak van die verskillende studente se persoonlikheidstrekke wat met die begrip van veiligheid-onveiligheid ooreenkom. Hierdie persoonlikheidstrekke is dan vergelyk met 'n paneel van persone wat voorheen met betrekking tot die gevoel van veiligheid-onveiligheid bestudeer is, om vas te stel of dié bepaalde persoonlikheidstrek kenmerkend is van die groot meerderheid persone wat onveilig voel en nie kenmerkend is van die groot meerderheid persone wat veilig voel nie. Op hierdie wyse is die proefpersone voortdurend gesif.

Hierdie prosedure is vir 'n jaar volgehou tot daar genoeg kenmerke van die gevoel van veiligheid-onveiligheid beskikbaar was om 'n voorlopige toets van 349 items op te stel. Dié toets is op honderde studente toegepas en die gevalle wat uiters veilig of onveilig gevoel het, is uitgesoek vir verdere individuele kliniese ondersoek. Uiteindelik is 46 studente wat onveilig en 66 wat veilig gevoel het, uitgesoek. 'n Intem-analise is toe van die 349 items soos deur die twee groepe beantwoord, gemaak. Slegs 130 items is vir die tweede stadium van die toets behou.

Die tweede vorm van die toets is op meer as 1000 studente oor 'n aantal jare toegepas. Studente wat in uiterste rigtings gepresteer het, is weer aan individuele kliniese ondersoeke onderwerp en lewens-

geskiedenisse is van hulle verkry. In 'n verdere twee ondersoeke is nog 80 items bygevoeg en 'n poging is ook aangewend om die toets meer doeltreffend te maak in terme van die analise van die begrip veiligheid-onveiligheid. Die begrip veiligheid is in 14 sub-sindrome verdeel en in die finale vorm van die toets is elke sub-sindroom deur 'n ongeveer gelyke aantal items verteenwoordig.

Die finale toets, soos in hierdie ondersoek gebruik, bestaan uit 75 items wat in drie toetse met 25 items elk verdeel is. Elke groep van 25 items kan selfstandig as 'n toets vir die gevoel van veiligheid-onveiligheid gebruik word, alhoewel die betroubaarheid dan laer sal wees. Maslow het egter 'n korrelasie van hoër as .9 tussen die subtoetse en die hele toets gevind. Om seker te maak dat die toets slegs die gevoel van veiligheid meet, is verskeie ander aspekte gekontroleer soos geslagsverskille, godsdienstige agtergrond, selfwaarderingsverskille, ouderdomsverskille en sosio-ekonomiese status. Daar is ook seker gemaak dat die toets die algemene kenmerke van veiligheid-onveiligheid meet en nie slegs aspekte daarvan nie. Vrae wat plaaslik-kultureel gebonde was, is uitgehaal. Norms is vir die toets opgestel wat egter nie in hierdie ondersoek gebruik kan word nie.

Die betroubaarheid van die 25 items wat in hierdie ondersoek gebruik is, is deur middel van twee-helfte-metode waar die twee helftes werklik vergelykbaar is, vasgestel. 'n Betroubaarheid van .80 is verkry. Interkorrelasies tussen die eerste deel van die toets en dié wat in die ondersoek gebruik is, was .84, tussen dié toets en deel drie was .78 en korrelasie tussen dié toets en die totale toets was .91.

Gough (1948) het deur interkorrelasies van die Veiligheid - Onveiligheid-skaal met 'n aantal ander faktore bevind dat die toets nie deur intelligensie, akademiese prestasies of sosio-ekonomiese status beïnvloed word nie.

Hanawalt (1959) en sy studente het in 1958 'n paar geldigheidstudies

met hierdie toets onderneem waarvan die resultate egter nie gepubliseer is nie. Prestasies van damestudente op die toets is met die beoordeling deur hoofdames gekorreleer. Elke hoofdame is gevra om slegs dié dames wat sy goed ken, te beoordeel. Die rangorde-korrelasiekoëffisiënt (rho) was .63 (N 25) en .50 (N 20). Twee ander studies is in ʼn verbeteringskool vir meisies en ʼn skool vir dowes onderneem. By albei groepe is gevind dat hulle, soos vooraf voorspel, besonder onveilig voel. Korrelasies tussen die onderwysers se beoordeling van die kinders en die prestasies op die toets was positief maar nie beduidend nie. Die ondersoeker skryf dit toe aan die feit dat die onderwysers nie die kinders goed genoeg geken het om te kan oordeel nie. Hanawalt kom tot die slotsom dat die toets met groot sorg opgestel is, ʼn bevredigende betroubaarheid het en dat die geldigheid wat reeds verkry is, vir navorsingswerk voldoende is.

Webster (1959) bevestig hierdie siening. Hy twyfel daaraan of daar enige ander persoonlikheidstoets bestaan wat met soveel sorg opgestel is en waarmee soveel moeite gedoen is om itemgeldigheid te verkry. Hy beveel die toets sonder voorbehoud aan as ʼn geldige maatstaf vir die gevoel van veiligheid - onveiligheid soos deur die opsteller omskrywe.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is die toets in die volgende aspekte gewysig: Die vrae is verander na eerstepersoonsverklarende vrae. Leerlinge moet slegs aangedui het of die bewering ten opsigte van hulleself waar of onwaar is terwyl die oorspronklike toets ʼn "ek weet nie" -antwoord voorsien het. Die puntetoekenning is ook geïgnoreer. ʼn Hoë telling op die toets beteken dat die leerling veiliger voel as dié met lae tellings. Dit is moontlik dat hierdie wysigings die betroubaarheid van die toets sal verlaag. Bendig (1959) het gevind dat die wysiging van ʼn toets se drieledige na ʼn tweeledige antwoord geen verandering in die betroubaarheid daarvan sal teweegbring nie. Bendig (1962a) het egter gevind dat die wysiging van die vorm waarin die vrae van die toets gestel is, die betroubaarheid mag beïnvloed. Dit is dus ~~waarskynlik~~ moontlik dat hierdie toets ʼn laer betroubaarheid sal toon as dié wat

deur Maslow verkry is.

(d) Bedekte en Openlike vyandigheid:

Bendig (1962b), die opsteller van die skale, het die Buss-Durkee Hostility Inventory van 75 items saam met verskeie ander vraelyste op twee groepe universiteitstudente toegepas. Groep 1 het bestaan uit 218 proefpersone (163 mans en 55 dames) wat besig was met ʼn inleidende kursus in Sielkunde. Groep 2 het bestaan uit 151 voorgraadse studente (55 mans en 96 dames) wat besig was met ʼn inleidende kursus in Opvoedkundige sielkunde. Op albei groepe is die Buss-Durkee-vraelys tesame met ander items wat as buffer-items gebruik is, toegepas.

Die antwoorde van Groep 1 op die eerste 40 items van die Buss-Durkee-vraelys is geïnterkorreleer en faktoranalise is toegepas. Die antwoorde op die laaste 35 items is op dieselfde wyse gehanteer. Die 40 items met die suiwerste faktorstruktuur in hierdie twee analises is uitgesoek en in ʼn derde analise gekombineer. Die items met die grootste faktorladings in die derde analise is uitgehaal en weer faktoranalise daarop toegepas maar in dié analise is die antwoorde van Groep 2 gebruik - dus die vierde analise.

In al vier analises is die waar-onwaar-antwoorde geïnterkorreleer en twee faktore is uit elke item-korrelasie-matrys deur middel van die sentroïde metode gehaal en die oorspronklike sentroïde itemladings is geroteer. Die twee geroteerde faktore wat in die eerste en tweede analise geïsoleer is, naamlik faktore CH (covert hostility) en OH (overt hostility), het sterk ooreenkoms getoon. Die 22 itemladings van die CH-faktor was hoofsaaklik afkomstig van Buss en Durkee se Irritability Scale (7 items) en Guilt Scale (5 items) en van die Negativism Scale (3 items) en die orige items uit die Resentment en Suspicion Scales. Die inhoud van die items met die grootste vektorladings het ʼn persoonlikheidsbeeld van ʼn onderdrukte vyandigheidsreaksie waarin die proefpersoon reageer met terugtrekking, stuursheid en inhibiëring van die openlike uitdrukking van die vyandigheidsgevoel, gesuggereer. Hierdie faktor het Bendig omskryf as Bedekte

Vyandigheid. Die 17 itemladings op die tweede geroteerde faktor is feitlik uitsluitlik van die Assault and Verbal Hostility Scales (7 items elk) van die oorspronklike vraelys verkry. Die inhoud van die items met die grootste vektorladings het 'n geweldadige, fisies-aanvallende uitdrukking van vyandigheidsgevoelens gesuggereer. Hierdie faktor is Openlike Vyandigheid genoem.

Uit 'n verdere faktoranalise is eindelik 36 items vir die twee soorte vyandigheid behou. Later is 'n verdere twee items weggelaat sodat die getal items vir Bedekte Vyandigheid finaal op 20 te staan gekom het en 14 items vir Openlike Vyandigheid. Bendig het hierdie items saam met 'n groot aantal items van ander skale op 480 proefpersone (236 mans en 244 dames), wat met 'n inleidingskursus in Sielkunde besig was, toegepas. Hy het deur middel van die KR21-formule die volgende betroubaarheidskoëffisiënte verkry: Bedekte Vyandigheid: .77 vir mans en .73 vir dames; Openlike Vyandigheid : .70 vir mans en .69 vir dames.

Die feit dat slegs twee van die 36 items wat in die vierde analise gebruik is hul geldigheid verloor het met 'n ander groep proefpersone, is 'n goeie aanduiding dat daar faktorstabiliteit is. Volgens Bendig bestaan daar min gronde waarop die realiteit en stabiliteit van faktore CH en OH in twyfel getrek kan word.

So ver vasgestel kon word, is daar nog geen verdere navorsingswerk met hierdie twee toetse gedoen nie. Die betroubaarheidskoëffisiënte van die toetse sal dus ook op die huidige groep proefpersone vasgestel word.

Leerlinge wat dus hoog presteer op die skaal vir Bedekte Vyandigheid sal gekenmerk word deur 'n onderdrukte vyandige reaksie wat openbaar word deur stuursheid en inhibiëring van die vyandigheidsgevoel. Leerlinge wat op die skaal vir Openlike Vyandigheid hoog presteer, sal gekenmerk wees deur 'n geweldadige, fisies-aanvallende vyandigheidsgevoel.

28/.....

(e) <u>Die skaal vir Persoonlikheidsrigiditeit</u>:

Rehfish (1958) het met die opstel van hierdie skaal ŉ opname van verskillende soorte persoonlikheidstudies gemaak om die belangrikste elemente van die rigiditeit-buigsaamheidsdimensie van die persoonlikheid te bepaal. Hy het gevind dat die gedrag wat op hierdie dimensie dui in al die studios min of meer ooreenkom naamlik (a) konstriksie en inhibisie (b) konserwatisme (c) afsku van wanorde en dubbelslagtigheid (d) obsessionele en perseweratiewe tendense (e) sosiale introversie (f) angs en skuldgevoelens. Fisher (1949) se samevatting van navorsingswerk in verband met rigiditeit toon ŉ duidelike ooreenkoms met hierdie bevindinge van Rehfish naamlik: "flexibility, fluidity, rigidity, perseveration and obsessive-compulsiveness ..... have all tended to refer to the idea that the behaviour of people in different situations varies along a continuum marked at one extreme by cautious gaurdedness or limitation of reaction, and at the other extreme by freedom of reaction or lack of defensive caution." (Fisher, 1949, p. 342).

Die graad waarin die Rigiditeit-skaal die eienskappe wat in genoemde samevatting voorkom, meet, word dan deur Rehfish as ŉ aanduiding beskou in hoeverre die skaal persoonlikheidsrigiditeit meet.

Die proefpersone het uitsluitlik uit manlike studente en lugmagkapteins bestaan; naamlik 80 gevorderde studente (40 in elke steekproef) van verskeie fakulteite van die Universiteit van California, 80 senior mediese studente (40 in elke steekproef) van dieselfde Universiteit, 70 kandidate vir toelating tot die Mediese Skool en 100 lugmagkapteins. (N = 330).

As deel van die metingsprogram is elke toetspersoon deur kliniese sielkundiges en navorsingsassistente op ŉ aantal variante, insluitende rigiditeit, beoordeel. Die getal beoordelaars het van steekproef tot steekproef gewissel maar daar was nooit minder as vyf nie en die gemiddelde vir al die groepe was agt. Die inter-beoordelaarsbetroubaarheid van die gemiddelde beoordeling wat deur middel van ŉ analise

van variansietegniek bereken is, het oor al die steekproewe van .50 tot .81 gewissel met 'n totale gemiddelde van .73. Rehfish lei dan hiervan af dat rigiditeit waarskynlik as 'n duidelik-waarneembare persoonlikheidstrek bestaan.

Itemseleksie is uit 'n groep van 957 waar-onwaar-items van persoonlikheidsvraelyste, naamlik die MMPI, CPI en 'n aantal items wat deur die beoordelaars spesiaal saamgestel is gedoen. Item-analise is gedoen waarin die resultate van die vraelys van die hoogste en laagste 25% van beoordeelde rigiditeit met mekaar vergelyk is en waar items gekies is volgens die beduidendheidsvlak van die verskille tussen die gedeeltes van "waar"-response van hoë en lae resultate.

Om kruisvalidering te doen, het die ondersoeker twee voorlopige skale van opeenvolgende groter dele van die totale steekproef saamgestel en in albei gevalle ander dele van die steekproef gebruik om die nodige onafhanklike geldigheidsmetings te verkry. Die verkreë metings is beskou as benaderde skattings van die geldigheid van die finale skaal wat uit die totale kriterium-steekproef saamgestel is.

Die eerste voorlopige skaal is gebaseer op die response van die hoogste en laagste 25% wat as "rigied" beskou is en uit die totale steekproef, behalwe 60 lugmagkapteins, geneem is. Die kruisvalideringskoëffisiënt vir die eerste skaal, wat verkry is deur skaalpunte met beoordelingspunte vir rigiditeit van die 60 lugmagkapteins te korreleer, was .35 (tweeledige toets : p 7.01). Dit is deur die ondersoeker beskou as 'n aanduiding dat die eerste skaal 'n voldoende benadering van rigiditeit gee en dat dit ook die geldigheid van die samestellingsmetodes van die skaal toon.

Op die tweede skaal, 'n gewysigde vorm van die eerste, is meer uitgebreide kruisvalidering gedoen deur die skaalpunte met 'n groot hoeveelheid kenmerke (traits) te vergelyk. Dit is gevind dat die skaal positief korreleer met 11 neigings of kenmerke. Twee van die

hoogste korrelasies, naamlik konstriksie (.51) en oorbeheersing (.44) is in die sielkundige terme feitlik sinoniem met die algemene opvatting van persoonlikheidsrigiditeit.

'n Verdere kruisvalidering van die tweede skaal is gemaak deurdat die beoordelaars sekere adjektiewe aan elke proefpersoon toegeken het. Vir die ontleding is sekere adjektief-samestellings vir die 18 hoogste en 18 laagste prestasies op die tweede skaal wat deur 70 mediese kandidate beantwoord is, vergelyk. Die twee uiterstes wat deur die adjektiewe omskryf word, is angstige terugtrekking en 'n uiterste konsensieuse houding en konserwatisme en in teenstelling daarmee 'n lewendige, versatiele, selfvertrouende spontaniëteit van denke en optrede. Hierdie twee teenoorstellende houdinge kom weer baie ooreen met die "cautious gaurdedness of limitation of reaction" teenoor "freedom of reaction or lack or defensive caution" wat volgens Fisher die essensiële kenmerke van die rigiditeit-buigsaamheidsdimensie van die persoonlikheid is. Die finale skaal bestaan uit 39 items wat volgens sielkundige kategorieë subjektief verdeel is. Puntetoekenning geskied egter vir die toets in die geheel. Rehfish het 'n gekorrigeerde betroubaarheid van .72 vir hierdie finale vorm van die toets verkry.

Hoë punte op die skaal is 'n aanduiding van rigiditeit en lae punte 'n aanduiding van buigsaamheid van die persoonlikheid.

By die gebruik van die toets vir die huidige ondersoek, word in aanmerking geneem dat die toets slegs op manlike persone toegepas en afgelei is. Die betroubaarheid van die toets sal dus in hierdie ondersoek bepaal word vir 'n groep hoërskoolseuns en -dogters.

(f) <u>Die skaal vir Sosiale Ekstroversie-Introversie en Emosionaliteit</u>:

Bendig (1962a) het 158 items uit die volgende vraelyste geneem: Eysenck se Maudsley Personality Inventory, Taylor se Manifest Anxiety Scale, die MMPI se Si-skaal en die Restraint and Thoughtfulness Scale van die Guilford-Zimmerman Temperament Survey. Hy het hierdie items

31/.....

na eerstepersoonsverklarende sinne verander en dit in die vorm van ŉ vraelys op universiteitstudente toegepas. Die waar-onwaar-antwoorde op 118 items wat van 300 proefpersone (150 mans en 150 dames) verkry is, is geïnterkorreleer en twee hooffaktore is uit die matrys gehaal en tot ŉ eenvoudige struktuur geroteer. Die 25 beste "sosiale ekstroversie-introversie"- en die 25 beste "emosionaliteit"-items is uitgesoek. Die antwoorde op hierdie 50 items plus 40 items van die GZTS is geïnterkorreleer op ŉ nuwe steekproef van 300 proefpersone (150 mans en 150 dames). Twee faktore is daar uitgehaal en tot ŉ eenvoudige struktuur geroteer. Die 30 beste items van elke faktor is uitgesoek om die finale SE-I - en Em-skaal te vorm.

Die antwoorde van ŉ derde steekproef van 200 proefpersone (100 mans en 100 dames) is verwerk om die psigometriese doeltreffendheid van die twee toetse vas te stel. Daar was geen beduidende geslagsverskille by gemiddeldes, standaardafwykings, betroubaarheidskoëffisiënte of interskaalkorrelasies nie. Vir die N van 200 is betroubaarheidskoëffisiënte van .88 vir albei toetse op die totale groep verkry. Betroubaarheidskoëffisiënte met die KR20-formule vir mans was .87 vir die SE-I-skaal en .89 op die Em-skaal. Vir vroue was dit .88 en .88 onderskeidelik. Volgens Bendig is hierdie toetse meer betroubaar en faktorgeldig vir die persoonlikheidsdimensies wat dit meet as enige ander skale en dit kan dus aanbeveel word vir navorsingswerk oor die persoonlikheid.

Leerlinge wat dus hoog presteer op die SE-I-skaal sal meer geneig wees tot ŉ ekstroverte lewenshouding, terwyl die wat laag presteer geneig sal wees tot ŉ introverte lewenshouding. Hoë prestasies op die Em-skaal sal beteken dat daar ŉ neiging is tot neurotiese gedragsvorme en angs. Hierdie neurotiese gedrag en angs sal waarskynlik gekenmerk wees deur buierigheid, emosionele fluktuasies, spanning, sensitiwiteit, angs en bekommernis, gevoelens van besluiteloosheid, nutteloosheid, eensaamheid, dagdromery, tob oor probleme, ensovoorts.

32/.....

(g) <u>Die Dominansie-skaal:</u>

Gough, McClosky en Meehl (1960) se skaal vir die meting van die dominante houding het 'n deel uitgemaak van 'n groter navorsingsprojek waarin gepoog is om die verskeie faktore wat politieke deelname en verantwoordelikheid ten grondslag lê, vas te stel. 'n Voorlopige teoretiese analise van sodanige faktore het daarop gedui dat verantwoordelikheidsin, sosio-ekonomiese status, 'n sin vir die identifisering met die gemeenskap, intellektualiteit, dominansie, ensovoorts waarskynlik 'n rol in politieke deelname speel. Tegnieke om sulke veranderlikes te meet, is opgestel en daar is tot die gevolgtrekking gekom dat dominansie 'n baie belangrike rol in die politieke deelname van 'n persoon speel. Gevolglik het hulle besluit om 'n toets wat hierdie persoonlikheidsaspek meet, op te stel.

By die opstel van die toets het die skrywers van die "peer group nomination technique" gebruik gemaak. Volgens hierdie tegniek moes die proefpersone dié persone in hulle groep nomineer wat hulle beskou as die meeste en minste dominante persoonlikhede. Ongeveer 100 universiteitstudente en 124 hoërskoolleerlinge is vir hierdie nominasietegniek gebruik. Elke proefpersoon het 'n lys ontvang waarin algemene informasie oor hoe die beoordeling moet geskied, vervat is. Baie proefpersone het beweer dat hulle sonder die instruksies kan beoordeel aangesien hulle die begrip "dominant" baie deeglik verstaan het. Die skrywers het op grond van hierdie waarneming tot die slotsom gekom dat die begrip "dominansie" 'n empiriese inhoud het.

Die resultate van hierdie nominasiegroep het die volgende kenmerke van dominansie aan die lig gebring: die dominante persoon is geneig om "sterker" te wees in sy interpersoonlike verhoudinge, hy kan ander mense beïnvloed en hul respek vir hom afdwing en hulle beheer indien nodig. Hy gee nie gou moed op nie en in sy interpersoonlike verhoudings voel hy veilig en vol selfvertroue. Ander mense sien hom dikwels as 'n "kragtige persoonlikheid, gesaghebbend en seker van homself". Mense met lae dominansie is onderdanig, laat hulle nie maklik geld nie, veg nie vir hulle regte en opinies nie en laat hulle

maklik deur ander beïnvloed.

By 'n verdere nominasie deur die verskillende groepe het die opstellers die groepe op die volgende drie aspekte in verband met die beoordeling van dominansie gewys: (a) Dominansie beteken nie dat 'n persoon dominerend of outokraties is nie. Alhoewel alle dominerende mense dominant is, is alle dominante persone nie dominerend nie. Dominante persone hoef nie noodwendig leiers te wees of ander probeer beïnvloed nie. Of hulle nou leiers is of nie, hulle skep nogtans die indruk dat hulle dominante persoonlikhede het. (b) Persone moet beoordeel word soos hulle werklik is en optree. (c) Sommige persone beskik oor prestige en mag al is hulle nie werklik dominante persoonlikhede nie. Hulle mag in 'n oorheersende posisie wees as gevolg van rykdom, hoë intelligensie, ensovoorts. Dit moet dus nie met die persoonlikheidskenmerk van dominansie verwar word nie.

Met hierdie instruksies is die hoërskoolgroep gevra om die vyf leerlinge wat die meeste dominant is en die vyf wat die minste dominant is te nomineer. Die universiteitsgroep moes tien studente in elke groep nomineer. Die groepe moes daarna hulleself ook beoordeel. 'n Korrelasie van .421 tussen die groep- en selfbeoordeling vir studente en 'n korrelasie van .441 by die hoërskoolgroep is verkry.

'n Vraelys van 150 items wat spesiaal vir die doel opgestel is en wat op die begrip van dominansie soos deur die skrywers gesien, gegrond was, is op al die groepe toegepas. In die studentegroep is die 25 mees dominante en 25 mins dominante studente vir die item-analise uitgesoek terwyl daar uit die hoërskoolgroep ook 25 leerlinge vir elke uiterste groep gekies is.

Vir die universiteitsgroep was die resultate van die MMPI wat vroeër afgeneem is, beskikbaar en op grond van daardie resultate is 'n sub-groep van 16 studente in elke uiterste groep uitgesoek en bestudeer. Ongeveer 100 items van die MMPI het belowend tussen

hierdie twee groepe onderskei sodat die items ook op die hoërskoolleerlinge toegepas en ʼn sub-groep uitgesoek is.

Uit die twee item-analises in elk van die twee groepe is ʼn totaal van 60 items wat ʼn onderskeid tussen die groepe gemaak het, behou. (32 items uit die vraelys wat spesiaal opgestel is en 28 uit die MMPI.)

Die opstellers van die skaal het ʼn betroubaarheid van .79 (KR21-formule) vir al die proefpersone saam verkry. (N = 224). So ver vasgestel kan word, is die enigste betroubaarheidskoëffisiënt wat plaaslik verkry is, dié van Deppe (1964) naamlik .76 (N = 72 damesstudente).

Die geldigheid van die toets is ook ondersoek en daar is gevind dat die toets goed onderskei tussen dominante en nie-dominante groepe. By die universiteitsgroep was daar met ʼn snypunt van 36 ʼn korrekte diskriminasie van 94% en met ʼn snypunt van 39 by die hoërskoolgroep ʼn korrekte diskriminasie van 92% van die gevalle. Die korrelasie tussen prestasies op die Dominansie-skaal en beoordeling van dominansie was .599 vir die universiteitsgroep en .687 vir die hoërskoolgroep. ʼn Vergelyking tussen die toets en sosiale status is ook gemaak. Die korrelasie tussen die Home Index-skaal en die Dominansie-skaal was .352, met die nominasies .266 en met selfbeoordeling .302. Laasgenoemde vergelykings is slegs met die hoërskoolgroep gedoen.

Maslow (1937) het die persoonlikheidsaspekte van dominante en onderdanige persone ondersoek. Hy het gevind dat dominansie ʼn sterk verband hou met selfvertroue, selfrespek, selfversekering in menslike verhoudings en ʼn sterk karakter. Gevoelens van skaamte, vreesagtigheid en selfbewustheid was afwesig. Persone met lae dominansie is gekenmerk deur gevoelens van onsekerheid, gebrek aan selfvertroue, ʼn gevoel dat op hulle neergesien word en ʼn behoefte om soos iemand anders te wees. Maslow (1942) het in ʼn ander studie met damesstudente ʼn beduidende negatiewe korrelasie tussen dominansie en selfbewustheid gevind. Die dames wat laag gepresteer het, was gedurig bewus van hul

persoonlike tekortkominge terwyl die wat hoog gepresteer het, nie gevoelens van minderwaardigheid geopenbaar het nie.

Alhoewel ons op grond van hierdie toets en ander navorsingswerk nog nie dominansie as 'n duidelik definieerbare aspek van die persoonlikheid kan onderskei nie, suggereer die items van die toets dat 'n dominante persoon sterk selfvertroue het en selfversekerd is. Hy word nie in sy optrede gekortwiek deur twyfel nie. Hy is vasbeslote en optimisties. In sy strewe is hy realisties, taak-georiënteerd en beskik oor die vermoë om enige probleem wat mag opduik met selfvertroue aan te pak en te oorbrug. Leerlinge wat dus hoog presteer op die toets sal na genoemde persoonlikheidsbeeld neig terwyl leerlinge wat laag presteer in die teenoorgestelde rigting sal neig.

(h) Die skaal vir sosio-ekonomiese status:

Gough (1949) het probeer om 'n kort en doeltreffende toets vir die meting van die sosio-ekonomiese status op te stel. Hy het van die Sims Score Cards en die American Home Scale se items gebruik gemaak en ook 'n paar oorspronklike items bygevoeg. Die finale toets, die Home Index het 21 items, bevat. Puntetoekenning geskied deur al die "ja"-antwoorde op te tel en ekstra punte vir item 21 toe te ken (Hoeveel boeke is daar in jou ouerhuis?). Vir hierdie item word punte soos volg toegeken:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 0 | - | 99 | = | 0 |
| 100 | - | 499 | = | 1 |
| 500 | - | | = | 2 |

Gough het met 'n steekproef van 55 studente 'n toets-hertoets-korrelasie van .989 verkry. Met 'n steekproef van 252 hoërskoolleerlinge het hy 'n betroubaarheidskoëffisiënt (KR-formule) van .74 verkry. Hy het verder 'n interkorrelasie van sy nuwe skaal met die volgende faktore gemaak: American Home scale, Sims Score Cards en vader se beroep. Vir hierdie studie het hy weereens 55 studente gebruik. Hy het gevind dat daar 'n hoër korrelasie tussen sy skaal en die ander twee skale is as wat daar tussen die ander twee skale bestaan. 'n Faktoranalise is van hierdie matrys gemaak en die resultate

het duidelik getoon dat die Home Index die swaarste ladings op die statusfaktor gehad het wat dus die geldigheid van die skaal tot 'n sekere mate bevestig. Gough wys egter daarop dat die betroubaarheid en geldigheid van die toets nog nie in uitgebreide navorsingswerk beproef is nie ten spyte van die feit dat dit hoog met ander sosio-ekonomiese statusskale korreleer. Hy het ook tot die gevolgtrekking gekom dat die skaal meer van toepassing is op jonger mense (onder 20 jaar) aangesien die opvoedingspeil van die ouers nie so 'n direkte verband met die status van die volwassene het as met dié van kinders nie. Hy beveel dus aan dat die skaal veral in navorsingswerk met skoolkinders gebruik word.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is een van die items wat nie op Suidwes van toepassing was nie, weggelaat naamlik vraag 4. "Is your home heated with a central system, such as a furnace in the basement?" Die toets het dus uit 20 items bestaan en 'n maksimum prestasie van 21 punte kon behaal word.

Dit word oor die algemeen deur sosiale sielkundiges aanvaar dat die sosiale milieu waarin 'n mens opgroei een van die belangrikste faktore is wat 'n mens se gedrag bepaal. Daar bestaan dus 'n verband tussen persoonlikheid en sosiale status. Gough (1946) het in 'n ondersoek met 127 skoolkinders skolastiese prestasies en prestasies op 'n persoonlikheidsvraelys met die sosio- ekonomiese status vergelyk. Hy het bevind dat leerlinge met 'n laer sosio-ekonomiese status meer persoonlikheidsprobleme openbaar het as die leerlinge van 'n hoër sosio-ekonomiese status. In sy oorsig oor navorsingswerk in verband met die invloed van sosio-ekonomiese status op persoonlikheidsontwikkeling, kom hy tot die slotsom dat navorsingswerk wat 'n positiewe verband tussen hierdie twee faktore aantoon, ver in die meerderheid is.

Maddy, aangehaal deur Gough (1956) het gevind dat kinders wat uit 'n professionele agtergrond kom, meer dominant-ekstrovert en emosioneel stabiel is as kinders wat uit 'n omgewing van halfgeskooldes kom.

Davis en Havighurst (1947) het in verskeie studies gewys op die invloed van sosiale stand op die persoonlikheidsontwikkeling van die kind, byvoorbeeld soos die negatiewe, aggressiewe gedrag van sommige kinders van die laer stande en die ambisieuse, konformistiese gedrag van kinders van die middelklas.

Snyder en Snyder (1946) verwys na 'n ondersoek van Rogers. Hy het tien verskillende objektiewe toetse op 1900 skoolkinders toegepas om die geestesgesondheid van skoolkinders te ondersoek. Sy bevinding was dat die sosio-ekonomiese peil van die kind se omgewing 'n noue verband met sy algemene persoonlikheidsaanpassing in die skool het en dat die kinders wat die minste op sosio-ekonomiese peil van die groep verskil, die beste aangepas is. Om Rogers en ander se bevindinge te beproef, het die skrywers 275 kinders ondersoek om die verband tussen 28 simptome van wanaanpassing en 11 agtergrondsfaktore vas te stel. Hulle het bevind dat daar drie faktore is wat in verband staan met wanaanpassingsimptome, naamlik die intelligensie van die kind, die houding van die ouers teenoor die kind en die kind se gesondheid. Hierdie drie faktore het beduidende korrelasies met 14 van die 28 wanaanpassingssimptome getoon. Hulle kon egter geen verband tussen suiwer ekonomiese faktore en die simptome vind nie.

Hoewel ons op grond van navorsingswerk kan aanvaar dat daar 'n verband tussen sosio-ekonomiese status en persoonlikheidsontwikkeling bestaan, kan ons nie aanneem dat dit altyd en by alle groepe die geval sal wees nie. By elke studie van die persoonlikheid sal die sosio-ekonomiese faktor in berekening gebring moet word.

# H O O F S T U K  II.

## METODE.

### A. Toetspersone.

Die matrikulante van drie hoërskole in Suidwes-Afrika is getoets. Die leerlinge was afkomstig van die twee Afrikaanse hoërskole in Windhoek en die Afrikaanse hoërskool in Otjiwarongo. Ongeveer 200 matrikulante is getoets. Uit hierdie groep leerlinge is slegs dié geneem wat nog nooit in ŉ koshuis was nie en leerlinge wat hulle hele skoolloopbaan in koshuise deurgebring het. Die dagskoliere het uit 44 leerlinge bestaan terwyl daar 42 kosgangers gevind is. Slegs Afrikaanssprekende leerlinge is gekies ter wille van die homogeniteit van die kultuuragtergrond.

Die gemiddelde ouderdom van die dagskoliere was 17; 9 en die kosgangers 18;6. Die kosgangers was dus gemiddeld nege maande ouer as die dagskoliere. Die rede vir die verskil in ouderdom van die twee groepe is gevind in die feit dat die kosgangers gemiddeld nege maande later vir die eerste keer tot die skool toegelaat is. In Suidwes was dit die algemene gebruik van ouers om hul kinders wat na ŉ koshuis moet gaan, so lank as moontlik tuis te hou. In die tyd toe die betrokke toetspersone vir die eerste keer skool toe gegaan het, is daar baie min gedoen om die praktyk te beheer. Hierdie praktyk het aan die lig gekom toe daar in 1956 vir die eerste keer ŉ I.K.-opname van die hele blanke skoolbevolking gemaak is. Baie koshuisleerlinge se I.K.'s was verkeerd omdat hulle ouer was as die ouderdom wat deur die ouers by inskrywing opgegee het. Indiening van geboortesertifikate by inskrywing is van daardie tyd af verpligtend gemaak. Die verskil in ouderdom tussen die twee groepe kan hoofsaaklik aan hierdie omstandighede gewyt word.

Aangesien die Direkteur van Onderwys nie toestemming wou gee dat die I.K.'s van die leerlinge gebruik word nie, kon die twee groepe leerlinge nie op dié aspek vergelyk word nie. Dit kan egter aangeneem word dat die twee groepe se intelligensie nie veel sal verskil nie aangesien hulle almal matrikulante is en dus, wat intelligensie betref, ŉ redelike homogene groep sal wees.

By die aanvang van hierdie ondersoek is reeds besef dat die twee groepe op sosio-ekonomiese gebied waarskynlik van mekaar sal verskil omdat die dagskoliere uitsluitlik uit dorpsleerlinge en die kosgangers uitsluitlik uit plaaskinders bestaan. By die uitsoek van die proefpersone is dus 'n poging aangewend om dié leerlinge wat min of meer gelyke prestasies op die toets vir sosio-ekonomiese status behaal het, uit te soek. Die poging is egter gestaak omdat dit die getal proefpersone te drasties ingekort het. Die feit dat die twee toetsgroepe op sosio-ekonomiese gebied van mekaar verskil, word dus in hierdie ondersoek aanvaar en in aanmerking geneem by die interpretasie van die gegewens. Ons kan egter nie die afleiding maak dat die kosgangers om ekonomiese redes in die koshuis is nie. Die afstand tussen skool en ouerhuis kan in Suidwes nog as die belangrikste rede vir inwoning in 'n koshuis beskou word.

B. Toetsprosedure:

Agt toetse wat verskillende aspekte van die persoonlikheid meet, te wete Veiligheid - Onveiligheid, Egosterkte, Emosionaliteit, Persoonlikheidsrigiditeit, Dominansie, Sosiale Ekstroversie, Bedekte Vyandigheid en Openlike Vyandigheid is gebruik. Al die toetse is die vraelystipe toets. Die vrae van al hierdie toetse, tesame met die vrae van die Sosio-ekonomiese status-toets is in een vraelys van 292 items saamgevat. (Kyk Bylaag A) Die items is deurmekaar geskommel sodat die toetspersone nie die strekking van die verskillende toetse sou kon agterkom nie. Aanwysings is op die voorblad van die vraelys aangebring waarin leerlinge daarop gewys is dat die antwoorde vertroulik is en dat hulle in geen opsig deur die toets benadeel sal word nie. Die vrae is almal in die eerste persoon gestel en leerlinge moes met 'n kruisie aantoon of die bewering met betrekking tot homself, waar of onwaar is. Die items is uit die Engels in Afrikaans vertaal en aan 'n lektrise in Afrikaans en 'n lektrise in Engels aan die Potchefstroomse Universiteit voorgelê om na te gaan of die taal suiwer is en of die Afrikaanse weergawe van die Engelse items met die oorspronklike items ooreenstem. Die antwoorde is met

maskers nagesien.

Die Onvoltooide Sinne-toets is gedurende dieselfde sitting toegepas. (Kyk Bylaag B) Drie aspekte van die persoonlikheid is deur middel van hierdie toets vasgestel, naamlik Afhanklikheid, Angs en Vyandigheid. By die nasien van die toets is van norms gebruik gemaak wat deur K. Edward Renner opgestel is. Die norms bestaan uit voorbeeld-sinne met die punte wat vir elke sin toegeken kan word. Die puntetoekenning wissel van 0 - 2. Behalwe die norm-sinne is daar ook logiese definisies indien die toetspersoon se antwoorde nie ooreenstem met die norm-sinne nie. Hierdie norms en logiese definisies stel die nasiener in staat om die toetspersone se antwoorde met 'n redelike mate van objektiwiteit te beoordeel.

Die Hoofsielkundige van die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika is gevra om die toetsprogram te onderneem. Hy het van die Voorligter-onderwysers gebruik gemaak om die toetse toe te pas aangesien die toetsprosedure betreklik eenvoudig was. Die toetse is gedurende Junie, 1964 afgeneem.

# HOOFSTUK III.

## INTERPRETASIE EN BESPREKING VAN GEGEWENS.

### A. Betroubaarheid van die verskillende Meetinstrumente:

Om die betroubaarheid van die toetse vas te stel, is deurgaans van die twee-helfte-metode van Spearman-Brown gebruik gemaak. By die Veiligheid - Onveiligheid-skaal en die Persoonlikheidsrigiditeitskaal was daar egter ŉ ongelyke aantal items. Om die getal items gelyk te maak, is een item in elke skaal ewekansig weggelaat deur die opening op die masker toe te plak voordat die toetse nagesien is. Die Onvoltooide Sinne-toets se betroubaarheid kon nie volgens die gewone metode vasgestel word nie omdat die aard van die toets dit onmoontlik maak. By gebrek aan ŉ geskikte tweede beoordelaar, is besluit dat die ondersoeker self die tweede beoordeling, na verloop van drie maande, sal doen. ŉ Korrelasie tussen die eerste en tweede beoordeling van die drie persoonlikheidsaspekte is toe bereken.

In Tabel I word die betroubaarheidskoëffisiënte van die toetse wat in die vraelys vervat is, aangetoon soos verkry van die 86 leerlinge op wie die toetse toegepas is.

Vir die Egosterkte-skaal is ŉ betroubaarheid van .80 verkry. Dit is heelwat hoër as die betroubaarheid wat Barron (1953) met dieselfde formule verkry het, naamlik .76 en ŉ toets-hertoets-betroubaarheid van .72. Dippe (1964) het met die KR21-formule ŉ betroubaarheid van .67 op ŉ groep van 72 Afrikaanse damesstudente gevind.

Die skaal vir Bedekte Vyandigheid het ŉ betroubaarheid van .73 gegee. Bendig (1962a), die ontwerper van die toets, het op ŉ groep van 480 proefpersone (236 mans en 244 vroue) ŉ betroubaarheid met die KR21-formule van .77 vir mans en .73 vir vroue verkry. Die betroubaarheid wat met die huidige groep wat uit seuns en dogters bestaan het, verkry is, is dus baie na aan dié van Bendig se groep. Vir Openlike Vyandigheid is ŉ betroubaarheid van .68 in hierdie ondersoek verkry. Bendig (1962a) het met die KR21-formule ŉ betroubaarheid van .70 vir mans en .69 vir vroue verkry. (N = 480).

TABEL I

BETROUBAARHEID VAN TOETSE.

| | TOETSE | r |
|---|---|---|
| 1. | Egosterkte | .80 |
| 2. | Bedekte Vyandigheid | .73 |
| 3. | Emosionaliteit | .94 |
| 4. | Sosio-ekonomiese status | .80 |
| 5. | Sosiale Ekstroversie | .86 |
| 6. | Dominansie | .78 |
| 7. | Openlike Vyandigheid | .68 |
| 8. | Veiligheid - Onveiligheid | .64 |
| 9. | Persoonlikheidrigiditeit | .63 |

Die Emosionaliteit-skaal het ŉ hoë betroubaarheid van .94 gegee wat hoër is as dié van Bendig (1962b), die opsteller van die skaal. Met die KR20-formule het hy ŉ betroubaarheid van .89 vir mans en .88 vir vroue verkry. (N = 200). Deppe (1964) rapporteer ŉ betroubaarheid van .87. (N = 72 dames).

Die Sosio-ekonomiese status-skaal se betroubaarheid was .80 terwyl Gough (1949), die opsteller van die skaal, ŉ betroubaarheid van .989 met die toets-hertoets-metode en .74 met KR-formule gevind het.

Met die skaal vir Sosiale Ekstroversie is ŉ betroubaarheid van .86 in hierdie ondersoek verkry. Dit is baie na aan dié wat Bendig (1962b) met die KR20-formule gevind het, naamlik .87 vir mans en .88 vir vroue, (N = 200) en die van Deppe (1964) naamlik .87.

Die betroubaarheid van .78 wat in hierdie ondersoek met die Dominansie-skaal verkry is, is baie na aan die KR21-betroubaarheid van .79 wat deur Gough, McClosky en Meehl (1960) en dié van Deppe (1964) van .76 verkry is.

ŉ Betroubaarheidskoëffisiënt van .63 is vir die Persoonlikheidsrigiditeitskaal verkry wat swak vergelyk met .72 wat deur Rehfish (1958) verkry is. Hy het gebruik gemaak van die twee-helfte-metode deur die items wat feitlik gelyk in hulbewoording was, af te paar en sodoende ŉ gelyke aantal items verkry. Dieselfde formule is in die huidige ondersoek gebruik maar ŉ gelyke aantal items is verkry deur een item ewekansig weg te laat. Die lae betroubaarheid van .63 is waarskynlik aan hierdie metode te wyte. Deppe (1964) het ŉ KR21-inter-item-betroubaarheid van .77 op haar groep gevind. Hoewel die betroubaarheid wat in hierdie ondersoek verkry is, teleurstellend laag is, kan dit vir die vergelyking van groepe soos in hierdie ondersoek nog aanvaar word.

Die skaal vir Veiligheid-Onveiligheid se betroubaarheid was .64 wat swak vergelyk met .80 wat die opstellers gevind het. Aangesien die skaal ook ŉ ongelyke aantal items het, is dieselfde prosedure as

met die Rigiditeit-skaal gevolg. Die vorm van die vrae is ook verander en die lae betroubaarheid mag dus aan hierdie faktore te wyte wees. Die betroubaarheid is egter nog hoog genoeg vir groepsvergelykings.

In Tabel II word die korrelasies tussen die eerste en tweede beoordeling van die Onvoltooide Sinne-toets aangegee. Die hoë korrelasies tussen die twee beoordelings is ʼn aanduiding dat die gebruik van die normsinne en logiese definisies soos vervat in die handleiding, van groot waarde vir die beoordelaar kan wees.

B. Gemiddeldes en t-waardes:

By die bepaling van beduidende verskille tussen die dagskoliere en kosgangers ten opsigte van die prestasies op die verskillende persoonlikheidstoetse, is van die t- en F-toets gebruik gemaak, By die drie persoonlikheidsaspekte wat deur middel van die Onvoltooide Sinnetoets gemeet is, is van die Mann-Whitney-U-toets gebruik gemaak. Dit is ʼn nie-parametriese toets wat in die plek van die parametriese t-toets gebruik kan word wanneer daar groot verskille in die prestasies van ʼn groep proefpersone bestaan. Die gegewens wat deur middel van die Onvoltooide Sinne-toets verkry is, was besonder klein met ʼn paar besonder hoë prestasies tussen in. Die formule wat by hierdie gegewens gebruik is, is dié vir groot steekproewe soos uiteengesit deur Siegel (1956).

In Tabel III word die Rekenkundige gemiddeldes, standaardafwykings en die t- en F-waardes ten opsigte van die nege toetse wat in die vraelys saamg vat was, aangegee. Die verskille tussen die dagskoliere en die kosgangers sal dus voorts ten opsigte van elkeen van hierdie toetse bespreek word.

Die twee groepe is eerstens ten opsigte van die Sosio-ekonomiese status vergelyk. Volgens die tabel is daar ʼn groot verskil tussen die dagskoliere en die kosgangers wat daarop dui dat die kosgangers van ʼn laer sosio-ekonomiese status is as die dagskoliere. Die t-waarde van 5.36 is beduidend by die .001 grens. Soos elders vermeld,

TABEL II.

KORRELASIE TUSSEN EERSTE EN TWEEDE BEOORDELING VAN DIE ONVOLTOOIDE SINNE-TOETS.

| Persoonlikheidsaspekte | r |
|---|---|
| 1. Afhanklikheid | .88@ |
| 2. Angs | .91@ |
| 3. Vyandigheid | .94@ |

@ .01% grens.

is hierdie verskil tussen die twee groepe verwag aangesien die kosgangers uitsluitlik van die plase afkomstig is en die dagskoliere in die dorpe woon. Dit is dus begryplik dat die kosgangers se ouers 'n laer opvoedkundige peil sou handhaaf as die ouers van die dagskoliere. Die boere is oor die algemeen nog pionierstipes met min skoolopleiding terwyl die dagskoliere se ouers meestal amptenare, geskoolde werkers en sakemense is. Omdat die kosgangers egter vir twaalf jaar die invloed van die skool en koshuis ondergaan het, is dit moonlik dat hulle nie oor die tipiese persoonlikheidskenmerke van die kind van die laer sosio-ekonomiese status sal beskik nie. By die interpretasie van die gegewens sal hierdie beduidende verskil in aanmerking geneem word.

Volgens die gemiddeldes is daar 'n geringe neiging by die dagskoliere om meer Openlike Vyandigheid te openbaar. Die t-waarde van .36 is egter statisties onbeduidend en dus bestaan daar geen beduidende verskil tussen die twee groepe ten opsigte van hierdie persoonlikheidsaspek nie. By Bedekte Vyandigheid toon die kosgangers egter 'n heelwat hoër gemiddelde as die dagskoliere. Die t-waarde van 2.20 is beduidend by die .05 grens en kan dus as 'n beduidende verskil aanvaar word. Ons kan dus hiervan aflei dat Bedekte Vyandigheid meer aanwesig is by die kosgangers as by die dagskoliere.

Op die Emosionaliteit-skaal het die kosgangers ook 'n hoër gemiddelde as die dagskoliere behaal. Die t-waarde van 3.48 is statisties beduidend by die .001 grens. Die kosgangers toon dus 'n hoër emosionaliteit as die dagskoliere.

By die Egosterkte-skaal verskil die gemiddeldes ook. Die t-waarde van 2.23 is beduidend by die .05 grens en kan dus as 'n beduidende verskil aanvaar word. Dit kan dus afgelei word dat die koshuisgroep oor minder egosterkte as die dagskoliere beskik.

Op die Rigiditeit-skaal is daar feitlik geen verskil tussen die twee groepe se gemiddeldes nie en die t-waarde van .59 is ook statisties onbeduidend. Die twee groepe toon dus geen verskil 47/....

TABEL III.

REKENKUNDIGE GEMIDDELDES, STANDAARDAFWYKINGS, t- EN F-WAARDES.

| | DAGSKOLIERE | | KOSGANGERS. | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | $\bar{X}$ | S | $\bar{X}$ | S | t | F |
| St. | 14.364 | 2.878 | 11.143 | 2.683 | 5.36[a] | 1.15 |
| OV | 7.136 | 3.196 | 6.905 | 2.658 | .36 | 1.45 |
| BV | 12.477 | 3.245 | 14.071 | 3.489 | 2.20[b] | 1.16 |
| Em | 17.727 | 5.951 | 21.786 | 4.750 | 3.48[a] | 1.57 |
| Es | 34.864 | 7.014 | 31.619 | 6.443 | 2.23[b] | 1.19 |
| Rs | 23.159 | 4.889 | 23.786 | 5.025 | .59 | 1.06 |
| SEI | 15.045 | 6.455 | 16.643 | 6.135 | 1.18 | 1.11 |
| Ds. | 26.730 | 6.535 | 24.976 | 6.083 | 1.28 | 1.15 |
| V-O | 16.318 | 3.845 | 15.548 | 3.590 | .96 | 1.15 |

(a) Beduidend by .01 grens.

(b) Beduidend by .05 grens.

Afkortings = St. - Sosio-ekonomiese status
OV - Openlike Vyandigheid
BV - Bedekte Vyandigheid
Em. - Emosionaliteit
Es. - Egosterkte.
Rs - Rigiditeit
SEI - Sosiale Ekstroversie
Ds - Dominansie
V-O - Veiligheid-Onveiligheid.

ten opsigte van hierdie persoonlikheidsaspek nie.

By Sosiale Ekstroversie toon die kosgangers 'n effens hoër gemiddelde. Daar bestaan dus 'n geringe neiging tot Sosiale Ekstroversie by dié groep. Die t-waarde van 1.18 is egter statisties onbeduidend en ons moet dus aanvaar dat die verskil tussen die twee groepe aan toevallige oorsake te wyte is.

Op die Dominansie-skaal het die dagskoliere 'n hoër gemiddelde behaal. Die t-waarde van 1.28 is egter nie beduidend nie en kan dus nie as 'n werklike verskil aanvaar word nie.

Ook by die Veiligheid - Onveiligheid-skaal toon die dagskoliere 'n hoër gemiddelde. Die t-waarde van .96 is egter nie beduidend nie.

Op Tabel IV word die z-waarde tussen die twee groepe ten opsigte van die Onvoltooide Sinne-toets aangedui. By Afhanklikheid is daar 'n duidelike verskil tussen die twee groepe. Die z-waarde van 3.83 met $p < .00007$ toon 'n statisties beduidende verskil. Ons kan dus die gevolgtrekking maak dat die kosgangers meer afhanklik is as die dagskoliere. Angs se z-waarde van -.62 $p > .2676$ en Vyandigheid se z-waarde van .15 $p > .4404$ toon dat daar by hierdie twee aspekte geen beduidende verskil tussen die twee groepe is nie.

C. Korrelasies tussen die Sosio-ekonomiese ~~status~~-skaal en die Persoonlikheidstoetse:

As gevolg van die bevinding dat die twee groepe statisties beduidend verskil ten opsigte van sosio-ekonomiese status, is korrelasies tussen die Sosio-ekonomiese status-toets en al die ander meetinstrumente getrek om vas te stel of daar werklike korrelasies tussen die prestasies op die persoonlikheidstoetse en die sosio-ekonomiese status bestaan. Gough (1946) wys daarop dat navorsingswerk wat 'n positiewe verband tussen sosio-ekonomiese status en opvoedkundige en aanpassingsveranderlikes aantoon, in die meerderheid is. 'n Verdere doel van die korrelasies is dus om vas te stel of daar enige

TABEL IV.

ONVOLTOOIDE SINNE - TOETS.

VERSKILLE MET U-TOETS TUSSEN GROEPE.

| TOETS | z | p |
|---|---|---|
| Afhanklikheid | 3.83 | $<.00007$ |
| Angs | -.62 | $>.2676$ |
| Vyandigheid | .15 | $>.4404$ |

verband is tussen die sosio-ekonomiese status van die betrokke groep en die verskillende persoonlikheidsaspekte wat gemeet is.

By die bestudering van Tabel V is dit duidelik dat slegs by Emosionaliteit en Dominansie beduidende korrelasies tussen sosio-ekonomiese status gevind is. By Emosionaliteit is daar ŉ beduidende negatiewe korrelasie van -.24 gevind. Dit beteken dat hoe hoër die sosio-ekonomiese status hoe laer die emosionaliteit en omgekeerd. Leerlinge wat dus laag op die Sosio-ekonomiese status-toets presteer het, het hoog op die Emosionaliteit-skaal presteer. Dit dui dus op ŉ sterk verband tussen dié twee aspekte. Tussen Dominansie en Sosio-ekonomiese status is ŉ beduidende positiewe verband gevind. Leerlinge wat dus hoog op die Dominansie-skaal presteer het, het ook hoog op die Sosio-ekonomiese-skaal presteer wat ook dui op ŉ duidelike verband tussen die twee aspekte. Geen beduidende korrelasies is tussen die Sosio-ekonomiese status-skaal en die ander persoonlikheidstoetse gevind nie. Beïnvloeding as gevolg van die sosio-ekonomiese status van die leerlinge op prestasies in die ander persoonlikheidskale is dus gering en onbeduidend. Hierdie gegewens bevestig ook die vermoede dat die invloed van die laer sosio-ekonomiese status waarskynlik deur invloede in die skool en koshuis verminder is.

D. <u>Interkorrelasie tussen Persoonlikheidstoetse:</u>

Uit die gegewens is dit duidelik dat die twee groepe beduidend verskil ten opsigte van Emosionaliteit, Bedekte Vyandigheid, Egosterkte en Afhanklikheid. Om vas te stel of die meetinstrumente onafhanklike aspekte van die persoonlikheid gemeet het, is interkorrelasies tussen dié toetse gedoen. Die drie aspekte wat deur middel van die Onvoltooide Sinne-toets gemeet is, naamlik Afhanklikheid, Angs en Vyandigheid is ook gekorreleer met die vraelystoetse wat ooreenstem of die teenoorgestelde is van dié aspekte van die persoonlikheid, naamlik Dominansie teenoor Afhanklikheid, Emosionaliteit en Angs, Bedekte en Openlike Vyandigheid en Vyandigheid. In Tabel VI word die verskillende korrelasies aangetoon.

TABEL V.

KORRELASIES TUSSEN SOSIO-EKONOMIESE STATUS EN PERSOONLIKHEIDSTOETSE.

| TOETS | r |
|---|---|
| Veiligheid - Onveiligheid | .08 |
| Openlike Vyandigheid | -.002 |
| Bedekte Vyandigheid | .05 |
| Egosterkte | .08 |
| Emosionaliteit | -.24 (a) |
| Dominansie | .29 (b) |
| Sosiale Ekstroversie | -.03 |
| Persoonlikheidsrigiditeit | -.17 |
| Afhanklikheid | -.18 |
| Angs | -.09 |
| Vyandigheid | -.03 |

(a) Beduidend negatief by .05 vlak.

(b) Beduidend positief by .01 vlak.

Daar is ŉ beduidende korrelasie van .64 tussen Bedekte Vtandigheid en Emosionaliteit. Daar het dus heelwat oorvleueling tussen hierdie twee toetse plaasgevind. Die aspekte wat deur die Emosionaliteitskaal gemeet word, is neurotiese neigings en angs. Daar is ŉ noue verband tussen Angs en Bedekte Vyandigheid. Horney (1937) stel hierdie verband baie duidelik : "The processes brought about by repressed hostility result in the affect of anxiety. In fact, the repression generates exactly the state which is characteristic of anxiety; a feeling of defenselessness toward what is felt an overpowering danger menacing from outside." (1937, p. 71). Dit is dus baie waarskynlik dat Angs ŉ belangrike komponent van Bedekte Vyandigheid bevat en omgekeerd. Dit is ook waarskynlik dat dit nie moontlik sou wees om ŉ skaal wat hierdie twee aspekte suiwer meet, op te stel nie. Oorvleueling van items sal dus in sulke skale altyd voorkom. Buss en Durkee (1957), aangehaal deur Bendig (1962a) het ŉ korrelasie van .71 tussen Bedekte Vyandigheid en Emosionaliteit gevind. Bendig het gevind dat die inhoud van die items met die grootste vektor-ladings ŉ reaksie van onderdrukte vyandigheid gesuggereer het, waarby die proefpersoon met terugtrekking, stuursheid en inhibiëring van die vyandigheidsgevoel gereageer het. Dit wil dus voorkom of Horney se siening dat verskeie vyandige impulse die basiese struktuur van neurotiese angs vorm, (1937, p.63) in hierdie ondersoek bevestig is.

ŉ Beduidende negatiewe korrelasie van -.39 is tussen Bedekte Vyandigheid en Egosterkte gevind. Dit beteken dat hoe minder Bedekte Vyandigheid aanwesig is, hoe hoër is die Egosterkte of omgekeerd. ŉ Beduidende negatiewe korrelasie van .65 is tussen Emosionaliteit en Egosterkte gevind. Dit wil sê hoe laer die Emosionaliteit hoe hoër die Egosterkte en omgekeerd. Dieselfde geld ook vir die beduidende negatiewe korrelasies tussen Afhanklikheid en Egosterkte en Angs en Egosterkte. Die onbeduidende negatiewe korrelasie van -.13 tussen Afhanklikheid en Dominansie is egter verrassend aangesien ŉ beduidende negatiewe korrelasie verwag sou word. Afhanklikheid soos gemeet deur middel van die Onvoltooide Sinne-toets is dus blykbaar nie die teenoorgestelde van Dominansie nie.

## TABEL VI.

### INTERKORRELASIES VAN PERSOONLIKHEIDSTOETSE.

| TOETSE | | r |
|---|---|---|
| Bedekte Vyandigheid - Emosionaliteit | | .64 [a] |
| Bedekte Vyandigheid - Egosterkte | | -.39 [a] |
| Emosionaliteit - Egosterkte | | -.65 [a] |
| Afhanklikheid: | Egosterkte | -.27 [b] |
| | Emosionaliteit | .29 [b] |
| | Bedekte Vyandigheid | .19 |
| | Dominansie | -.13 |
| Angs : | Egosterkte | -.36 [a] |
| | Emosionaliteit | .42 [a] |
| | Bedekte Vyandigheid | .29 [b] |
| Vyandigheid: | Egosterkte | -.11 |
| | Emosionaliteit | .12 |
| | Bedekte Vyandigheid | .19 |
| | Openlike Vyandigheid | .60 [a] |

(a) Beduidend by .01 grens.

(b) Beduidend by .05 grens.

'n Beduidende korrelasie van .29 tussen Afhanklikheid en Emosionaliteit toon aan dat leerlinge wat 'n hoë Afhanklikheid het ook hoë Emosionaliteit openbaar. Die hoë beduidende korrelasie van .42 tussen Angs en Emosionaliteit is begryplik aangesien angs 'n belangrike kompenent van die Emosionaliteit-skaal vorm. Die beduidende korrelasie van .29 tussen Angs en Bedekte Vyandigheid is 'n verdere bevestiging dat Bedekte Vyandigheid en Angs heelwat ooreenstemmende komponente bevat.

Tussen Vyandigheid en Egosterkte is 'n nie-beduidende negatiewe korrelasie en 'n nie-beduidende korrelasie tussen Vyandigheid en Emosionaliteit gevind. Tussen Vyandigheid en Bedekte Vyandigheid is daar ook nie 'n beduidende korrelasie nie maar 'n hoë positiewe korrelasie van .60 tussen Vyandigheid en Openlike Vyandigheid. Ons kan dus die gevolgtrekking maak dat die Vyandigheid wat deur middel van Onvoltooide Sinnetoets gemeet is, ooreenstem met Openlike Vyandigheid en nie met Bedekte Vyandigheid nie.

E. Gevolgtrekkings en Bespreking:

Die gevolgtrekking wat uit die statistiese ontleding van die gegewens gemaak kan word, is dat die kosgangers in die volgende aspekte van die dagskoliere verskil: 'n laer Sosio-ekonomiese status; hoër Emosionaliteit, dit wil sê in terme van wat die toets gemeet het, is daar meer neurotiese en angsvolle gedrag by hulle aanwesig. Die kosgangers toon ook 'n groter mate van Bedekte Vyandigheid, 'n aspek van die persoonlikheid wat waarskynlik baie nou in verband staan met angs. Die kosgangers toon ook 'n groter mate van Afhanklikheid as die dagskoliere. Hulle toon ook minder Egosterkte en aangesien laasgenoemde toets algemene aanpassing meet, kan ons die gevolgtrekking maak dat die kosgangers minder aangepas is as die dagskoliere. Ons kan egter geen gevolgtrekkings maak oor die hoeveelheid van die verskille nie aangesien daar geen norms vir die toetse wat gebruik is, bestaan nie. Wanneer die gemiddeldes op Tabel III in oënskou geneem word, is dit interessant dat die kosgangers feitlik deurgaans verskille in 'n ongunstige rigting toon terwyl die dagskoliere weer verskille in 'n

55/.....

gunstige rigting toon.

Die vraag ontstaan nou waaraan hierdie beduidende verskille tussen die twee groepe te wyte is.

Navorsingswerk oor die invloed van sosio-ekonomiese status op die persoonlikheidsontwikkeling van 'n kind het reeds voldoende bewys dat dit 'n belangrike faktor is by gesonde persoonlikheidsontwikkeling. Davis (1943) het in sy analise van die invloed van sosiale stand op persoonlikheid en gedrag tot die slotsom gekom dat die verskillende stande in 'n hiërargie gegroepeer is en dat differensiële deelname in hierdie groepe verskillende gedragspatrone, sosiale behoeftes, opvattings van reg en verkeerd en die ervaring van verskillende psigologiese vergoedings en angs tot gevolg het. Hieruit volg dan dat kinders van laer stande dikwels nie teenoor middelklas-gedragskodes en -moraliteit reageer nie omdat die motivering om te leer deur die afwesigheid van vergoeding belemmer word. Kinders van die laer stande word dikwels gestraf omdat hulle van 'n laer status is. Volgens Davis word hierdie kinders in die skool (wat in sy opvattings en moraliteit middelklas is) te kwaai gestraf en verneder omdat hulle die kultuur van die laer klasse wat deur hulle ouers en familie goedgekeur is, handhaaf. Dat konflik en angs uit hierdie situasie kan voortvloei, is voordiehandliggend. Die kind van die laer sosio-ekonomiese status moet kies tussen van buiteopgelegde lewensnorme en dié wat hy van sy ouers geleer het en aanvaar het. Bots sy eie lewenshouding met die van die skool, moet hy, om die konflik op te los, of teenoor sy ouers en familie of teenoor die skool dislojaal wees. Dit is 'n ou konflik wat dikwels in die letterkunde al gebruik is byvoorbeeld "Pygmalion" van Bernard Shaw. By die dagskolier wat elke dag die lewenshouding van sy ouers en gesin meebelewe, mag hierdie konflik glad nie ontstaan nie en indien dit wel ontstaan, het hy sy ouers en familie om vir hom te beslis. By die kosganger, wat reeds van 'n laer status is, mag hierdie botsende lewenshoudings traumaties van aard wees. Die konflik mag angs en verdedigingsmeganismes voortbring.

Aangesien sosio-ekonomiese faktore die ontwikkeling van die persoonlikheid beïnvloed, moet ons aanneem dat die kosgangers in hierdie ondersoek met 'n swakker psigiese toerusting na die koshuis kom wat gesonde aanpassing dus van die begin af sal bemoeilik. Dit kan dus ook aangeneem word dat hierdie leerlinge in 'n minder mate daartoe in staat sal wees om op so 'n vroeë ouderdom sonder die beskerming en leiding van die ouers klaar te kom. Waar die kosgangers in Suidwes meestal van verafgeleë plase kom en daar dus weinig geleenthede vir aanpassing in groot groepe was, kan al die nuwigheid van die skoolsituasie en die aanpassing by die groot groep leerlinge van sy eie ouderdom so oorweldigend wees dat dit aanleiding tot neurotiese gedrag kan gee. Hoe gesond hierdie aanpassing van die koshuisleerling sal wees, sal tot 'n groot mate bepaal word deur die kwaliteit van die primêre verhoudings wat hy met sy ouers en gesin opgebou het en die kwaliteit van die hulp wat hy in sy aanpassingsprobleme in die skool en koshuis ontvang. 'n Plaasvervangende moederfiguur soos byvoorbeeld 'n simpatieke en begrypende matrone sal veel vermag. Min matrones en selfs onderwysers is egter opgelei om kinders met hul interpersoonlike verhoudings behulpsaam te wees. Dit is 'n aanvaarde feit dat gesonde interpersoonlike verhoudings 'n belangrike voorwaarde vir geestesgesondheid is. Ackermann (1958) haal Karl Menninger aan waar hy geestesgesondheid soos volg definieer:
"Mental health is the adjustment of human beings to the world and to each other with a maximum of effectiveness and happiness."
Hy verwys ook na die bevindinge van die Wêreld Gesondheidsorganisasie met betrekking tot die definiëring van geestesgesondheid, naamlik "the capacity to establish harmonious interpersonal relations."
Dit wil dus voorkom of die kosgangers nie daarin geslaag het om in dieselfde mate as die dagskoliere interpersoonlike verhoudings op te bou nie.

Afgesien van die feit dat die kosgangers interpersoonlike verhoudings sonder die hulp van die ouers moes ontwikkel, kom nog die besondere situasie dat die kosgangers geen keuse gehad het van 'n groep by wie hulle moes aanpas nie. Waar die dagskolier, met die hulp en simpatie van sy ouers, sekondêre verhoudings buite die huis aanknoop,

is hy vry om sy maats te kies (ook met behulp van sy ouers) of te laat. Kinders met wie hy nie wil omgaan nie, kan eenvoudig vermy word. Die dagskolier kan homself wees omdat hy vry is om sy persoonlikheid en individualiteit uit te leef sonder die vrees dat hy teenoor die groep verantwoording moet doen. Die kosganger is egter nooit alleen nie en hy word deur omstandighede verplig om sy persoonlikheid binne die bestaande groep uit te lewe. Indien hy oor persoonlikheidstrekke beskik of belangstellings het wat toevallig nie die goedkeuring van die groep wegdra nie, moet hy dit onderdruk indien hy die goeie gesindheid van die groep wil behou. Ackerman (1958) sien hierdie situasie soos volg: .... "the person seeks out selectively a social environment that is congenial to the expression of specific individual needs. To some limited extent the individual has the power to change or shape his environment or to set up priorities for interaction with some elements of the surrounding situation while rejecting contact with others. He may choose those forms of interaction that are favorable to the desired direction of self-expression. In a sense he can choose his own social roles". (1958, p.59). Aangesien die koshuisleerling vir twaalf jaar lank feitlik tussen dieselfde groep verkeer, is daar min geleentheid om 'n persoonlike keuse te maak. Wanneer hy byvoorbeeld vyandig voel teenoor 'n sekere groep of maat, kan hy dit nie bekostig om sy vyandigheid openlik te toon nie omdat hy gedurig saam met daardie leerlinge moet lewe. Sy persoonlike geluk is gedurig afhanklik van die goedgesindheid van die groep en gevolglik moet hy enige gevoel van vyandigheid onderdruk. Dit geld natuurlik ook vir die dagskolier maar nie in dieselfde mate nie en ook het hy die voordeel van die veiligheid wat die ouers en gesinslede bied. Ackermann sien die gesin as "an intermediary between the individual and society". (1958, P.59). Dit is dus baie waarskynlik dat hierdie gedwonge verhoudings en aanpassings waaraan die kosgangers blootgestel is, wanaanpassing in die hand kan werk.

Die groter mate van afhanklikheid wat by die kosgangers aangetref is, kan waarskynlik verklaar word in terme van verwaarlosing van die kinders deur hul ouers gedurende die voorskoolse jare en die daaropvolgende

afwesigheid van die ouers. Wijngaarden (1959) meen dat die grootste krag in die binding tussen ouer en kind daarin lê dat dit 'n vervulling van die instinktiewe behoeftes van die kind teweegbring. Omdat die kind nog nie die moontlikheid van selfstandigheid besit nie, is hy innerlik afhanklik van sy ouers. Word daar aan hierdie instinktiewe behoeftes voldoen, kan die kind tot selfstandigheid ontwikkel omdat hy die voorbeeld van sy ouers het. Wanneer een of albei die ouers nie aan hierdie behoeftes voldoen nie, bly 'n natuurlike behoefte van die kind onvervul. Onbewus en instinktief sal hy dan daarna strewe om die tekort aan te vul, omdat dit 'n ernstige leemte in sy persoonlikheidstruktuur veroorsaak. Hy soek dus na iets waardevols en verwag om dit van buite te ontvang omdat dit natuurlik is vir die nog afhanklike kind. Wanneer die kind opgroei, bly hy nog steeds afhanklik van die gesogte ouerbeeld en dan ontstaan daar 'n leemte in die persoonlikheid.

'n Verdere moontlike verklaring vir die groter afhanklikheid van die kosgangers is miskien te vinde in die feit dat die kosgangers baie min geleenthede vir selfstandige optrede geniet. Hul daaglikse doen en late word tot 'n groot mate deur die personeel beheer en beslis. Hulle gedrag word dus meer van buite af gereguleer. Hulle bly dus voortdurend afhanklik en enige gevoel van opstandigheid teen hierdie uiterlike regulering sal waarskynlik onderdruk word omdat hulle die goedgesindheid van die personeel nodig het vir hul lewenssekerheid. Dit skep dus weer 'n konflik tussen die behoeftes om selfstandig te wees en die behoefte om aanvaar te word. Horney (1937) wys daarop dat die gevoel van hulpeloosheid 'n belangrike kenmerk van angs is. Te midde van 'n werklike gevaar kan 'n mens moed en krag aan die dag lê om die gevaar af te weer maar in 'n toestand van angs wat deur 'n onopgeloste konflik ontstaan het, is die mens hulpeloos en dus afhanklik. Hierdie toestand van afhanklikheid sal waarskynlik met bedekte vyandigheid gepaard gaan omdat die kosganger ook in die stadium verkeer waarin opstandigheid teen reëls en persoonlike inperking 'n belangrike rol speel. Oor die jare heen het die kosganger egter geleer om nie sy vyandigheid openlik te toon nie omdat

botsings met maats en die onderwysers sy lewensekerheid ondermyn.

Die verklaring vir die feit dat die kosgangers minder egosterkte as die dagskoliere toon, kan in die eerste plek gevind word in die sterker neiging tot neurotiese gedrag van die kosgangers. Kinders van ꞌn laer sosio-ekonomiese status het ook minder geleenthede vir egoversterkende ervarings. Daarby kom nog dat die kosgangers sonder die hulp van die ouers moet klaar kom en dat daar in die koshuis en skool beperkte geleenthede vir egoversterkende ervarings is. Faal die kosganger in die situasies wat deur die skool geskep is, naamlik skolastiese prestasies en sport, bly daar min oor waarmee hy sy ego kan versterk aangesien hy vir ꞌn groot deel van die jaar uitsluitlik in ꞌn "skoolwêreld" lewe. Die dagskolier wat in die skool faal, kan nog heelwat egoversterkende ervarings binne die gesinslewe ervaar. Hy het ook geleenthede om vermoëns wat geen verband met die skool het nie, uit te leef en kan sodoende die mislukking in die skool daarmee uitbalanseer. Die laer egosterkte van die kosgangers moet egter nie gesien word as ꞌn aparte neiging met aparte oorsake nie. Dit moet eerder gesien word as ꞌn integrale deel van die algemene persoonlikheidsbeeld van die kosganger. Dit mag die oorsaak of gevolg wees van die persoonlikheidsneigings wat by die kosgangers gevind is. Bedekte vyandigheid en angs mag persoonlikheidsarmoede tot gevolg hê of net omgekeerd.

By die siening van hierdie persoonlikheidsbeeld van die koshuisleerlinge moet ons egter versigtig wees om dit nie as ꞌn gevestigde neurose te sien nie. Ons kan dus nie die gevolgtrekking maak dat die kosgangers meer aan neurose onderhewig is nie. Dit moet nie alleen in aanmerking geneem word dat ons nie weet hoeveel die kosgangers verskil nie, maar ook dat die toetspersone in hierdie ondersoek nog kinders is met ongevormde persoonlikhede. Omdat die verskillende persoonlikheidsaspekte by die kosgangers meer vooorkom kan ons slegs die afleiding maak dat daar ꞌn sterker neiging tot neurotiese gedrag teenwoordig is. Waterink (ongedateer) maak ꞌn duidelike onderskeid tussen neurose en neurotiese gedrag. Vir hom lê die verskil daarin dat by ꞌn neurose daar ꞌn "eenheid" moet wees

wat saamhang met die "eenheid" van die pasiënt se persoonlikheid. Omdat ŉ kind nog nie in die ware sin van die woord ŉ persoonlikheid het nie, kan daar nie sprake van ŉ "eenheid" in die neurotiese siektebeeld wees nie. By kinders kan ons dus slegs praat van neurotiese gedrag. By die neurotiese kind bestaan daar ŉ groep verskynsels wat op een of ander wyse met mekaar in verband staan maar nie so dat dit ŉ "eenheid" vorm nie. Dit is duidelik dat genoemde skrywer met kinders, heel klein kinders bedoel. Die kinders wat in hierdie ondersoek getoets is, kan egter nie meer in die sin wat Waterink dit bedoel as "kinders" beskou word nie aangesien die kosgangers se gemiddelde ouderdom oor 18 jaar is. Hulle is wel nog nie klaar gevormde persoonlikhede nie. Dit is egter opvallend dat die verskille wat by die kosgangers gevind is, ooreenstem met die neurotiese siektebeeld soos dit deur verskillende skrywers gesien word.

Wijngaarden (1959) sê in verband met angs: .... "gemis aan liefdevolle verbondenheid (van de omgeving met het kind of van het kind met de omgeving) die het nog afhankelijke kind ervaart, word onbewust ondergaan als een levensdreiging, en verwekt angst." Op angs volg verdediging omdat die kind homself moet beveilig. Hierdie verdediging teen angs sien Wijngaarden soos volg: Wanneer ŉ mens beheers word deur ŉ swakheidsgevoel sodat hy hom nie op sy eie gebied durf verdedig nie, en hom dus deemoedig skik of onderwerp aan die eise van sy omgewing, dan vervul so ŉ mens nie die lewensruimte wat hom toekom nie. Hy gee hom dus kleiner voor as wat hy werklik is. Die besef van eie kleinheid word verdring en die mens verskuil homself agter ŉ onderwerpende houding. Dit kan aanleiding gee tot vyandigheid en aggressiwiteit wat egter nie openlik kan geskied nie maar deur middel van fantasieë, dagdromery, passiewe verset en algemene lusteloosheid uitgelewe word. Wijngaarden meen dat hierdie lewenshouding in noue verband staan met die lewensgeskiedenis van die mens en dat dit reeds in die kinderjare sy ontstaan gehad het. Omstandighede wat tot ŉ sodanige gedragspatroon aanleiding kan gee, is die verlies van een of albei ouers, verwaarlosing, starheid en heerssugtigheid van die opvoeders, bespotting deur skoolmaats, ensovoorts.

61/.....

Hierdie persoonlikheidsbeeld kom ooreen met die bevindinge van hierdie ondersoek ten opsigte van die kosgangers. As gevolg van die laer sosio-ekonomiese status was daar waarskynlik verwaarlosing in die opvoeding. Gedurende ŉ groot deel van die kinders se lewe, is albei ouers afwesig. Daar is lae egosterkte, met ander woorde hulle sien hulself kleiner as wat hulle werklik is en beskik nie oor die vermoë om hul regmatige plek in die lewe toe te eien nie. Hulle is meer afhanklik en gevolglik meer onderwerpend. Wijngaarden stel selfstandigheid as ŉ belangrike voorwaarde vir gesonde menslike verhoudings: "zonder zelfstandigheid kan de mens de ander geen recht laten wedervaren; wanneer hij zijn eigen ruimte niet kent, kan hij niet oordelen, welke ruimte aan een ander toekomt" (Wijngaarden 1959, p. 131).

Ten spyte van hierdie ooreenkoms tussen die persoonlikheidsbeeld van die kosgangers en die siening van Wijngaarden, kan ons nie aanneem dat die kosgangers hul persoonlikheid op dié wyse uitlewe nie. Ons kan slegs daaroor spekuleer. Die probleem ontstaan dus in hoeverre ons hierdie persoonlikheidsbeeld van die kosgangers as ŉ ongunstige verskil tussen die twee groepe kan sien. Volgens Horney (1937 p.88) is ons kennis nog te beperk om te kan voorspel of kinders wat aan angs en vyandigheid ly, noodwendig neuroties sal word. Ons kan slegs sê dat angs en wat daarmee saamgaan ŉ noodsaaklike voorwaarde vir ŉ neurose is maar nie dat dit noodwendig tot ŉ neurose sal lei nie. ŉ Kind wat angs en vyandigheid openbaar, mag miskien daarvan ontslae raak wanneer hy na ŉ gunstiger omgewing oorgeplaas word. "It makes a great diffirence whether the reaction of hostility and anxiety is restricted to the surroundings which forced the child into it, or whether it develops into an attitude of hostility and anxiety toward people in general" (1937, p.88). Die vraag ontstaan nou waarom die kosgangers, wat as gevolg van hulle laer sosio-ekonomiese status reeds wanaanpassingstendense getoon het voordat hulle na die koshuis gekom het, nie op die gunstige omgewing van die koshuis gereageer het nie. Horney meen dat ŉ kind wat aan angs onderhewig is en gelukkig genoeg is om ŉ besonder simpatieke grootouer, onderwyser

of vriend te hê, sy ervarings met hulle mag voorkom dat hy net altyd die slegste van ander mense verwag. Sonder sulke ervarings mag sy angs voortduur en sterker word en moontlik tot 'n neurose ontwikkel. Dit mag dus wees dat baie van die kosgangers nie sulke ervarings in die koshuis deurgemaak het nie. Davis (1943) se opvatting dat die skool met sy middelklas-kultuur en -moraliteit nie daarin slaag om die kind van die laer sosio-ekonomiese groepe te bereik nie, mag ook 'n antwoord op hierdie vraag wees. Die gebrek aan koshuisopvoeding is myns insiens ook 'n belangrike faktor. Oor hierdie vraag kan slegs gespekuleer word aangesien ons nie weet in watter mate die kosgangers aangepas was toe hulle vir die eerste keer na die skool gekom het nie. Die gegewens toon egter duidelik dat, ten spyte van die twaalf jaar in die koshuis en die feit dat hulle nege maande later skool toe gekom het (dus op 'n ryper ouderdom), hulle nog steeds ongunstiger persoonlikheidstendense as die dagskoliere openbaar. Dit is egter moontlik, aldus Horney, dat hierdie persoonlikheidsbeeld tydelik van aard is omdat die kosgangers vir so 'n lang tydperk in 'n geforseerde omgewing moet lewe.

Ons kan dus die persoonlikheidsbeeld van die kosgangers soos volg opsom: Toe die groep kosgangers na die koshuis gekom het, het hulle waarskynlik meer ervarings deurgemaak waarop hulle met angs gereageer het. Hierdie angs het toegeneem omdat hulle op 'n vroeë ouderdom van die ouers geskei is en 'n geforseerde aanpassing in die koshuis moes maak sonder die bystand van die ouers. In hierdie aanpassingsproses het baie leerlinge met angs gereageer en waarskynlik deur middel van bedekte vyandigheid hulself probeer beskerm. Hierdie reaksiewyse het persoonlikheidsarmoede in die hand gewerk wat gelei het tot 'n laer egosterkte en 'n groter afhanklikheidsgevoel. Dit is moontlik dat hierdie reaksiewyse geleidelik sal afneem nadat die leerlinge die skool verlaat het. Dit is egter ook moontlik dat sommige leerlinge in hul verdere persoonlikheidsontwikkeling in hierdie reaksiewyse sal volhard en dus 'n neurose sal ontwikkel. In hierdie ondersoek het dit dus duidelik aan die lig gekom dat daar wel bepaalde persoonlikheidsverskille tussen die kosgangers en die dagskoliere bestaan en dat dié verskille in 'n ongunstige rigting vir die kosgangers neig. 63/.....

# H O O F S T U K  IV.

## OPSOMMING:

'n Ondersoek is ingestel na persoonlikheidsverskille tussen koshuisleerlinge en dagskoliere in Suidwes-Afrika. 'n Persoonlikheidsvraelys waarin die items van agt verskillende persoonlikheidstoetse en 'n Sosio-ekonomiese status-skaal saamgevat is, is op ongeveer 200 matrikulante toegepas. Gedurende dieselfde sitting is die Onvoltooide Sinne-toets vir hoërskoolleerlinge ook afgeneem. Die persoonlikheidsaspekte wat deur hierdie toetse gemeet is, was die volgende: Egosterkte, Emosionaliteit, Persoonlikheidsrigiditeit, Bedekte en Openlike Vyandigheid, Veiligheid-Onveiligheid, Sosiale Ekstroversie-Introversie en Dominansie. Met die Onvoltooide Sinne-toets is Afhanklikheid, Angs en Vyandigheid gemeet.

Uit die groep van 200 leerlinge is slegs die Afrikaanssprekende leerlinge wat nooit in 'n koshuis was nie en leerlinge wat vanaf hul aanvangsonderwys in koshuise was, uitgekies vir die ondersoek. Die kontrolegroep het uit 44 dagskoliere en die eksperimentele groep uit 42 kosgangers bestaan.

Die betroubaarheidskoëffisiënte van die toetse wat in die vraelys vervat was, was hoog genoeg vir die doel van groepvergelykings. Die korrelasie tussen die eerste beoordeling en tweede beoordeling van die Onvoltooide Sinne-toets was ook baie hoog sodat die beoordeling as betroubaar aanvaar kan word.

Die twee groepe het op sosio-ekonomiese status statisties beduidend van mekaar verskil. Korrelasies tussen die Sosio-ekonomiese status-skaal en die persoonlikheidstoetse is gevolglik bereken. Die enigste beduidende korrelasies wat gevind is, was tussen Sosio-ekonomiese status en Emosionaliteit en die eersgenoemde en Dominansie. Een van hierdie korrelasies was negatief beduidend. Korrelasies tussen die verskillende persoonlikheidstoetse het die volgende beduidende korrelasies gegee: Bedekte Vyandigheid en Emosionaliteit; Bedekte Vyandigheid

en Egosterkte (negatief beduidend); Afhanklikheid en Egosterkte (negatief beduidend); Afhanklikheid en Emosionaliteit; Angs en Egosterkte (negatief beduidend); Angs en Emosionaliteit; Angs en Bedekte Vyandigheid; Vyandigheid en Openlike Vyandigheid.

Die kosgangers het op die volgende persoonlikheidsaspekte van die dagskoliere statisties beduidend verskil: Egosterkte, Bedekte Vyandigheid, Emosionaliteit en Afhanklikheid. In meeste van die ander toetse het die kosgangers in ŉ ongunstige rigting verskille getoon hoewel dit nie beduidend was nie. Moontlike oorsake vir hierdie ongunstige verskille is bespreek.

Die gevolgtrekking is gemaak dat die kosgangers in die algemeen minder goed aangepas is, ŉ neiging toon tot neurotiese gedrag en angsgevoelens, bedekte vyandigheidsgevoelens koester en meer afhanklik is as die dagskoliere. Hoewel hierdie persoonlikheidsbeeld van die kosgangers aan die basiese struktuur van die gevestigde neurose herinner, kan ons nie beweer dat die kosgangers aan neurose onderhewig is nie. Omdat hulle nog tot ŉ groot mate ongevormde persoonlikhede is, kan ons slegs beweer dat daar ŉ neurotiese tendens teenwoordig is.

SUMMARY.

Personality differences between hostel pupils and day pupils in South West Africa have been investigated. A Personality Questionaire, consisting of items from eight different Personality Questionaires and a Socio-economic Status Scale, were completed by about 200 matriculants in South West Africa. During the same session an Incomplete Sentences Test for High School Students was also completed. The Personality traits measured by these tests were the following: Ego-strength, Emotionality, Personality Rigidity, Overt and Covert Hostility, Security-Insecurity, Social Extraversion-Introversion and Dominance. The Incomplete Sentences Test measured Dependency, Anxiety and Hostility.

From the group of 200 pupils tested, only the Afrikaans-speaking pupils who had never resided in a school hostel and those who had resided in school hostels since their first admittance to school, were selected for the investigation. The control group finally consisted of 44 day pupils while the experimental group consisted of 42 hostel pupils.

The reliability coefficients of the tests contained in the Questionaire were adequate for the purpose of group comparisons. Very high correlations between the first and second scoring of the Incomplete Sentences Test indicated that the scoring could be accepted as reliable.

A statistically significant difference on the Socio-economic Status Scale was found between the two groups. Correlations between the Socio-economic Status Scale and the Personality Tests were therefor calculated. The only significant correlations found were those between the Socio-economic Status Scale and the Emotionality Scale and between the Socio-economic Status Scale and the Dominance Scale. One of these correlations was negatively significant. Correlations between the various Personality Tests resulted in the following significant correlations: Covert Hostility and

Emotionality; Covert Hostility and Ego-strength (negatively significant); Emotionality and Ego-strength (negatively significant); Dependency and Ego-strength (negatively significant); Dependency and Emotionality; Anxiety and Ego-strength (negatively significant); Anxiety and Emotionality; Anxiety and Covert Hostility; Hostility and Overt Hostility

There was a statistically significant difference between the hostel pupils and the day pupils in regard to the following personality traits: Ego-strength, Covert Hostility, Emotionality and Dependency. In most of the other tests the hostel pupils also showed a tendency towards the less favourablepersonality traits although no significant differences between the two groups were found in the other tests. Probable causes for these unfavourable differences were discussed.

It was concluded that the hostel pupils were less well adjusted, that they showed a greater tendency towards neurotic behaviour and feelings of anxiety, that they felt more covert hostility and that they were more dependent than the day pupils. Although the personality structure, as revealed by this study, reminds strongly of the basic structure of the neurotic personality, we can not assume that the hostel pupils are neurotic. Because school pupils have still unformed personalities we can only assume that a tendency towards neurosis is present.

LITERATUURLYS.


Ackerman, N.W. (1958). Psycho-dinamics of family life. New York: Basic Books.

Barron, F. (1953). An ego-strength scale which predicts response to psychotherapy. J. consult. Psychol., 17, 327 - 333.

Barron, F. en Leary, T.F. (1955). Changes in psycho-neurotie patients with and without therapy. J. consult. Psychol., 19, 239 - 245.

